
# *Help my, Here!*



*Joas Natan*

**Opgedra aan:**

***Die strewers, die soekendes, die onvergenoegdes, die wat self iemand en iets in die lewe wil word, hulle wat sekuriteit in geld, besittings, kwalifikasies en belangrike posisies soek; in kort hulle wat self hulle eie god wil wees; los en onafhanklik van God, selfvoorsienend met geloof net in hulle eie vermoëns, hulle eie prestasies. Hulle wat staat maak op hulle eie vermoëns om deur hulle eie goeie dade hulle eie verdienstegenade by God te probeer vind.***

***Klim tog af van jou eiegodstroontjie. Vergeet tog van jou titel waarvoor jy so hard geswoeg het, doktor, professor, edelagbare, dominee, pastoor, meneer en mevrou.***

***Luister na wat God van jou vra:***

***"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg, want wie sy lewe wil red sal dit verloor maar wie sy lewe ter wille van My verloor sal dit terugkry. (Mat. 16:24)"***

***Dus ook opgedra aan die wat die seën van die Here soek in hulle diepe afhanklikheid van Hom. (Mat. 5:3)***

## <u>Drie Sleutelgedigte ten opsigte van selfverloëning</u>

### 1. Van Plassies na Diepwater toe

*(Lukas 7)*

*Toe ek in waterplassies speel,*

*het ek gedink U eis te veel.*

*Nou weet ek van beter,*

*daarvan maak U seker.*

*Nou, stuur U my diepwater toe;*

*nie vir speel en plesier,*

*maar die tem van die eie-ekdier.*

*U weet alles Heer;*

*my eie onvermoë maak my seer.*

*Ek is so diep van U afhanklik, Heer.*

*Dankie vir U beloftes weer en nog 'n keer.*

*Die net is bykans geknoop;*

*ek is van self gestroop.*

*Die diepwater wink,*

*die nette moet diep insink,*

*om die visse uit te haal;*

*U het reeds vir die siele betaal.*

*Hier is ek, Heer,rus my toe- nog ‘n keer.*

## ***2.*** **Vislyn of visnet**

*Here, hoeveel twyfel*

*hoeveel wyfel,*

*voor elke struikelblok,*

*wil ek stop.*

*Altyd weer die vraag:*

*Wie sal Ek stuur?*

*Wie sal dit vir My waag,*

*o God, om U te behaag?*

*Altyd wil ek dan die net los,*

*die diepwater vermy,*

*my ry na die plassies toe kry;*

*net ‘n lyntjie natmaak,*

*myself met ‘n enkel vissie vermaak.*

*Dan praat U met my:*

*“Wie karig saai, sal karig maai.”*

*Ek weet dat ek U mag vertrou , U koninkryk te bou.*

*Wie is ek om U plan te blok,*

*met swak geloof en eiepoog?*

*God praat met my, daarin sal ek my verbly.*

*U gelowig volg-Diepwater toe.*

## 3 . Val en opstaan

*Kaal gestroop, leeg en dom.*

*dis hoe ek na U toe kom.*

*Ek weet nie hoe, U moet my help,*

*Nee, nog meer: sal U my val keer,*

*deur oor te neem, my onvermoë,*

*en U krag in my toë.*

*Ek gee oor aan U,*

*Sal U alles vernu;*

*die eie-ek laat sterf*

*die selfgenoegsaamheid laat bederf.*

*Soos so baie wonders vroeër, Heer,*

*soos U altyd my val keer,*

*deur my te los tot ek moedeloos,*

*U hand vasgryp,*

*nou vir U hulp ryp.*

*So kom ek dan nou weer:*

*Laat U krag blyk*

*waar ek swem in eiekragslyk.*

*My God, my Koning Heer,*

*Waarlik, U het weer my val gekeer.*

# Hoe om ‘n geseënde van die Here te wees

***As die Here die huis nie bou nie,***

***Swoeg die wat daaraan bou, tevergeefs***

***Geseënd is die wat weet***

***Hoe afhanklik hulle van God is,***

***Want***

***Aan hulle behoort die koninkryk***

***Van die hemele:***

***(Mat.5:3):***

***Die noodgebed wat alles sê:***

## ***Help my Here!***

## ***<u>Inhoudsopgawe</u>***


**Opgedra aan:** **Bl. 2**

**3 Sleutelgedigte** **3**

**Van plassies na diepwater toe** **3**

**Vislyn of visnet** **4**

**Val en opstaan** **5**

**Hoe om ‘n geseënde van die Here te wees** **6**

**Inhoudsopgawe** **7**

**<u>Afdeling 1</u>**

**Hoofstuk 1: Inleiding** **9**

**Hoofstuk 2: Begripsverklaring** **10**

**Hoofstuk 3: Voor die begin** **13**

**Hoofstuk 4: Satan en demone** **17**

**Hoofstuk 5: Die geseëndes** **22**

**<u>Afdeling 2</u>**

**Hoofstuk 6: Geseëndes en vervloektes O.T.** **26**

**Hoofstuk 7: Sleutel tot ontsluiting** **30**

**Hoofstuk 8: Meer oor Abraham** **34**

**Hoofstuk 9: Esau en Jakob** **38**

**Hoofstuk 10: Josef** **41**

**Hoofstuk 11: Moses** **43**

**Hoofstuk 12: Die Groot Trek** **50**

**Hoofstuk 13: Josua** **56**

**Hoofstuk 14: Gideon** **61**

**Afdeling 3**

**Hoofstuk 15: Geseendes uit die Nuwe T** **64**

**Hoofstuk 16: Paulus** **68**

**Hoofstuk 17: Isebelgees** **73**

**Hoofstuk 18: Jesus** **79**

**Afdeling 4**

**Hoofstuk 19: Gertjie se storie** **87**

**Agterblad** **97**

**<u>Afdeling 1</u>**

## Hoofstuk 1

## Inleiding

Die meeste skrywers sal met my saamstem dat by die skryf van ‘n  nuwe boek die volgende vrae gewoonlik gevra word:

*Waarom skryf jy die boek?*

en

*Wat wil jy bereik deur die boek te skryf?*

Ek gaan kortliks probeer *waarom* en *wat* beantwoord voordat ons by die boek uitkom.

Ek skryf hierdie boek om ander persone te help om die hele Bybel te verstaan vanuit ‘n enkele versie in die Bybel, naamlik Mat. 5: 3:

*Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is want aan hulle behoort die koninkryk van die Hemel.*

Ek sou ook graag die mense, wat Jesus nog nie as Verlosser gevind het nie, wil help om by Hom uit te kom en deel van Sy koninkryk te word.

Indien enigeen van bogenoemde doelstellings binne jou belangstellingsveld val, is die boek vir jou geskryf.

Lekker lees. *Joas Natan ( Januarie 2024)*

## Hoofstuk 2

## Begrippe

**Geseënd:**

Vryvertaal vanuit die *Amplified Bible* Mat. 5:8 beteken *geseënd* die volgende:

1. *Om gelukkig te wees*
2. *Om deur ander beny te word*
3. *Geestelik voorspoedig te wees*
4. *Om lewensvreugde te ervaar*
5. *Om tevrede te wees in die wete dat God jou goedgesind is*
6. *Om God se verlossing te ervaar.*

In teenstelling hiermee sou *ongeseënd* die volgende beteken:

1. *Vervloek is jy mens*
2. *Verdoem tot ondergang*
3. *Jy sal treurig te wees*
4. *Ander menses al jou jammer kry*
5. *Jy sal geestelik bankrot wees*
6. *Die lewe sal vir jou 'n las wees*
7. *Jy sal voortdurend ontevrede met jou lot wees*
8. *Jy sal voortdurend vrees dat God jou gaan straf*
9. *Jy sal onseker van jou redding, deur Jesus wees.*
10. *Dit sal vir jou voel of God jou verwerp het.*

**Afhanklik te wees**

Eintlik sê Mat. 5:3 dat die geseëndes die is wat ***weet*** hoe afhanklik hulle van God is. Alle mense is van God afhanklik want Hy is die een wat die lewe in hulle gee, maar nie almal weet dit nie. Die bewuswording van jou afhanklikheid kom dikwels deur jou persoonlike trauma, hoë lewenseise, teenspoed, siekte, afsterwe van familie en vriende, finansiële verlies en verhoudings wat nie uitwerk nie. Wonderlik om te mag weet dat al hierdie dinge wat so negatief lyk jou geseënd maak. Die Amplified Bible praat van hierdie mense soos volg:

*The poor in spirit (the humble, who rate themselves insignificant).*

Dit is ook wat Jesus bedoel het toe Hy in Matt. 16:24 gesê het:

*As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis dra en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry.*

**Wat is groter as seën?**

Hebr. 7:7 beantwoord hierdie vraag:

*Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die Meerdere geseën word.*

Om hierdie rede kan 'n mens maklik arrogant voorkom wanneer daar links en regs seën oor ander mense uitgespreek word. Ons mag wel die seën van die

Here oor ander afbid en die seën **van die Here** oor ander uitspreek. Die veronderstelling is dat God, die Meerdere, die Een is wat seën.

## Hoofstuk 3

## Voor die begin

*(Hierdie gedeelte oor satan, die demone en satansbesetenheid is grootliks gebaseer op die uitstekende uiteensetting van Dr. Isak Burger in sy boek: Die Geeswêreld: bladsy 74 tot 120)*

Eers was daar God. Toe het God geskep: die hemel en die aarde en dit wat op die aarde is. Hy het ook die hemelwesens geskep. God het alles goed gemaak. Satan is ook geskep. Hy was 'n uitsonderlike skepping van God en was vermoedelik die vernaamste en belangrikste engel van God.. Vanweë satan se voortreflikheid het hy so bewus van homself geword dat hy hoogmoedig geword het. In Esegiël 28: 17 staan:

*Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid.*

Dit is die rede waarom God so 'n afkeur aan hoogmoed het.

Satan het homself gelyk gestel aan God. Daar is egter net een God; Vader, Seun en Heilige Gees en satan se opstand teen God het tot sy uitwerping uit die hemel gelei. Satan het 'n groot invloedsfeer gehad en het 'n derde van die engele so beïnvloed dat hulle saam met hom uitgewerp is.

Satan het 'n lang geskiedenis van stryd teen die Messias wat sou kom. Hy het baie moeite gedoen om die geboorte, kruisdood en opstanding van Jesus te weerstaan en te probeer keer want hy het geweet dat die hel sy, en sy

volgelinge, se ewige tuiste is. Die volgende is van sy pogings om Jesus te weerstaan en Sy rol as Verlosser te keer:

1. Satan moes gedink het dat een van die twee broers, Kain en Abel, die draer van die saad van die Messias sal wees en daarom skakel hy albei uit. (Isak Burger. p.77)
2. Die saadlyn word byna uitgewis met die Groot Vloed maar God sorg vir die voortgang van die saadlyn vanaf Noag na Sem toe uit wie se nageslag die Messias deur Abraham gebore sou word.
3. Satan spits hom hierna toe op die nageslag, naamlik Isak en Jakob. Dit is dan ook nie vreemd dat aldrie, Abraham, Isak en Jacob se vrouens onvrug baar was nie. Tog het God 'n wonder gedoen en vir die drie vrouens elkeen 'n kind gegee.
4. Met Jakob het satan homself misgis toe hy gedink het dat die saadlyn deur Jakob se geliefde Ragel, sou loop. Hy het dus haar swangerskap teengestaan. Tog het God voorsien deur die saadlyn deur Lea, Ragel se suster, se vierde seun, Juda, te laat loop.
5. Satan het deur die moord van die Joodse seuntjies onder 2 jaar gepoog om 'n hele geslag manlike kinders uit te roei. Hy het daarop gereken dat hy daardeur die voortgang van die Messiaslyn kon onderbreek. God sorg egter dat satan misluk en dat Moses wel aan die lewe bly.

6. Ester is ‘n verdere voorbeeld van hoe God die voortgang van die saadlyn van Sy Seun, ons Messias, verseker het. (Sien die Boek Ester). Satan het ‘n kortpad probeer vat en die selfversekerde Haman gebruik om die hele Joodse volk te probeer uitwis. Haman en sy gesin is egter deur God se ingryping uitgewis en die Messias se voorvaders is gered.
7. Sedert die ontstaan van die Joodse volk is hulle vervolg en deur satan gehaat omdat die Messias uit hulle gebore sou word. Na Jesus se kruisiging het die Jode-haat nooit opgehou nie. Dalk is dit omdat die Jode die Messias nooit aanvaar het nie maar eerder gesê het:
   *Laat Sy bloed op ons en ons kinders kom. (Mat.27: 25)*
8. Keiser Augustus het gereël vir ‘n verpligte volkstelling juis toe Jesus se moeder hoogswanger was en meer as 100 kilometer op ‘n donkie moes ry oppad na Bethlehem toe. Jesus se geboorte is egter nie hierdeur geskaad nie. Haar Kind, ons Jesus, moes in ‘n stal gebore word te midde van die dodelike tetanus-kieme. Tog kon satan die wondergeboorte van ons Heer nie kelder nie.
9. Toe satan sien dat hy die geboorte van Jesus nie kon keer nie het hy alles in sy vermoë gedoen om Jesus van die kruis af weg te hou. Satan was bewus, uit die profesie van Jesaja, dat Jesus, die Lam van God, in ons plek moes kom sterf. Hy sou die vloek wat op ons sondes gerus het moes kom dra. (Isak Burger p.79)

10. Satan het gepoog om Jesus op enige denkbare manier, te laat omkom. Dink in hierdie verband aan die storm op see (Markus 4: 35). God is die Almagtige Een en nie satan nie en Sy wil het plaasgevind.
11. Die satan het deur Petrus probeer om Jesus van die kruis af weg te hou (Mat. 16: 23). So was Petrus, omdat hy voortvarend op homself vertrou het, die werktuig van satan vir hierdie geleentheid.

Jesus se stryd en lyding was een lang foltering. Genadiglik het Hy in Sy nederige afhanklikheid van God staande gebly en kon Hy die perfekte, volkome offer vir ons sondes betaal. Satan is dus reeds voor Jesus se dood en opstanding oorwin. Weer, en nog steeds, moet die mens en satan daaraan herinner word dat daar net Een God is en al probeer ander wesens hoe hard sal daar net een God wees. Ons enigste hoop is om te buig vir hierdie God, die self te verloën en Hom te volg wetende dat Sy wil die beste is.

## Hoofstuk 4

## Iets oor demone en die mag van satan

*(Ook hierdie gedeelte maak ruim gebruik van Dr. Isak Burger se boek: Die Geeswêreld: p. 86)*

Satan het met sy opstand teen God in die hemel ‘n derde van die engele verlei om saam met hom teen God in opstand te kom. (Open. 12:4). Dit is waar die demone vandaan kom.

Demone is dus gevalle engele. Hulle het geen permanente fisiese liggame nie en smag om in ‘n fisieke liggaam te woon. Hulle is van nature onrustige, rustelose wesens en ‘n fisieke liggaam verskaf blykbaar aan hulle ‘n mate van rus. Dit pas satan ook om sy wil en gesag oor mense te laat geld as hy in beheer van die mens se liggaam, wil en verstand is.

Omdat demone deur die sondeval, van God verwyder is, is hulle persoonlikhede vervul met alles wat boos, sleg, onrein en onedel is. Omdat hulle sonder hoop, toekoms of genade is, is hulle desperaat in hulle haat en nyd teenoor die menslike geslag. (I. Burger p.87)

Satan en sy demone is nie soos engele alomteenwoordig nie. Hulle kan net op een plek op ‘n slag wees.

Satan is nie ‘n bedreiging vir God nie, ook nie vir die mens wat in die Gees van God wandel nie. So kan die mens die mag van die duiwel soms oorskat. Hy is

die vader van die leuen en is uiters subtiel in sy verleiding van die mens. (Joh.8:44). Nêrens in die Bybel word die mens gewaarsku om satan en sy demone te vrees nie. Ons moet slegs God vrees en respekteer.

Dat satan wel oor mag beskik kan nie ontken word nie. Satan gee aan die draak die vermoëns soos vermeld in Open. 13:4. Ook aan die antichris gaan die duiwel bonatuurlike vermoëns gee. (2 Thes.2:9) Die feit dat ons as gelowiges die duiwel kan oorwin beteken nie dat sy mag nou kleiner is nie maar dat ons in Christus groter mag en gesag ontvang het. Satan bly steeds die een wat soos ‘n brullende leeu soek wie hy kan verslind. Ons heerskappy oor die duiwel hang af van die mate van beheer wat God oor ons lewens het. (Jak.4:7)

Satan is nie soos God, Skepper nie. *Hy is ‘n skepsel. Hy kan niks maak nie. Hy kan net mismaak. Hy is die Groot Breker. Hy spesialiseer daarin om dit wat God gemaak het, te skaad en te breek ( I. Burger: p.91)* Ons het steeds die versekering van Jak. 4:7:

*Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.*

*Hoe groter God in ons denke word hoe nietiger word satan en ons probleme. (Isak Burger .p 94)*

Ons sluit hierdie gedeelte af met ‘n kort samevatting van Dr. Burger oor dinge wat satan nie kan doen nie. (P.121)

1. Satan kan nie skep nie.
2. Satan is nie absoluut nie en kan nie onafhanklik bestaan nie.
3. Satan en sy demone kan nie gered word nie.
4. Satan kon nie die geboorte van Jesus verhinder nie.
5. Satan kon nie keer dat Jesus vir ons sondes sterf nie.
6. Satan kon Jesus nie in die graf gevange hou nie.
7. Satan kan nie die deur wat God wil oopmaak gesluit hou nie.
8. Hy kan ons nie uit God se hand ruk nie.
9. Hy kan nie die redding van ‘n siel keer nie.
10. Hy kan nie redding en vergifnis van ‘n mens keer nie.
11. Hy en sy demone kan nie ‘n engel van die Here oorwin nie.
12. Hy kan nie die siel van ‘n gelowige onderskep of kaap nie.
13. Satan kan nie sy staanplek en houvas behou as Jesus opdaag nie.
14. Satan het geen antwoord op die bloed van die Lam en die woord van Sy getuienis nie.
15. Niks wat satan doen kan ons skei van die liefde van God nie.
16. Satan kan nie die Bybel en die waarheid daarvan vernietig nie.
17. Satan kan nie die voortgang van die evangelie stuit nie.
18. Satan kan nie die kerk van Christus vernietig nie.
19. Satan kan nie keer dat Jesus terugkom na hierdie aarde nie.
20. Satan is nie almagtig en in volle beheer nie. Alleen God is.

Die oorsprong van al die mens se probleme is sonde. Die oorsprong van sonde vind ons in satan se sonde. Die hart van satan se sonde is in sy skoonheid, bekwaamheid, voortreflikheid en mag (Eseg. 28:12). Eintlik nie in hierdie wonderlike dinge nie maar in satan se hantering van sy eie voortreflikheid. Sy besondere aard het hom hoogmoedig gemaak. Hy het so baie van homself begin dink dat hy gevoel het dat hy sy eie god, bo God, kan wees.

Vanweë sy hoogmoed het God hom uit die hemel geban. ‘n Derde van die engele het satan ondersteun en hulle is saam met hom uitgeban. Hierdie bose skare het op die mens toegesak vir die res van die menslike bestaan. Hulle het net een doel gehad en dit was om te steel, te moor en te verwoes. Hulle hoof werktuig sou leuens wees want satan is die vader van die leuen (Joh.8:44). Deur misleiding, manipulering en leuens het satan die mens mislei om sonde te pleeg.

Soos by satan se val in sonde, het hoogmoed en die strewe om iets en iemand te wees, steeds die belangrikste verleiding van satan gebly. Altyd was die dringende dryfveer om God na die kroon te steek en om self God te wil wees. Om vir hierdie sonde van die mens te boet moes Jesus die nederigste word, die totaal afhanklike van Sy VaderGod, sonder enige fisiese aantreklikheid. Dink maar hoe Hy aan die kruis vasgespyker, op Golgota gehang het, sonder enige status, net verag en verwerp.(Jes. 53). Hy was van alle mag ontneem toe Sy hande en voete met spykers aan ‘n stuk hout vasgekap is. Daarom haat ons

Verlosser hoogmoed en het Hy die lief wat nederig bakhand voor Hom staan diep bewus van hulle afhanklikheid van Hom.

## Hoofstuk 5

## Die geseëndes

Ons het nou weer gesien dat daar 'n verband tussen satan se hoogmoed en die menslike strewe na onafhanklikheid bestaan. Die mens se strewe na onafhanklikheid is in sy diepste betekenis die strewe om belangrik te wees, om self god te wil wees, om vir niks op God hoef te steun nie. Die mens word nie net gebore met sondige neigings nie maar leer dit ook gou aan. Van kleinsaf word die kind op die voortreflikheid gewys om onafhanklik te wees, goed vir homself te kan sorg, trots op sy eie prestasies te wees, om te strewe om iets en iemand in die lewe te word. Vir arm en mindergegoede mense is die pad hierheen dikwels te vinde in geleerdheid en kwalifikasies. In menige volwassene se ore klink nog die woorde van 'n ouer:

*My kind niemand kan geleerdheid van jou af wegneem nie.*

So hou die meeste mense aan met soek na dinge wat nie strook met God se opdragte nie. Dink maar aan die oorbekende woorde van Jesus in Mat 16:24:

*As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën…….*

Die saligsprekinge van Jesus tydens die bergpredikasie bestaan nie net uit een saligspreking nie maar uit nege. Kom ons kyk ook na die ander agt en soek sodoende na raakpunte met die tema van ons boek:

‘n Goeie wegspringplek is om te dink hoe die ideale mens, die geseënde van God, lyk. Volgens die saligspekinge in Mat. 5 lyk hy soos volg:

1. *Die mens is afhanklik van God en ander mense en die persoon weet dit en tree daarvolgens op. Hy of sy leef hierdie wete uit in ‘n aktiewe geloofslewe waartydens die persoon vertrou op die Here om te voorsien in wat hy nodig het en nie noodwendig wat hy graag wil hê nie. Sy afhanklikheid van God veronderstel dat Hy op God as Sy Verlosser en Voorsiener vertrou.*
2. *Afhanklikheid word gewoonlik deur lewenservaring gevorm. Dit waarop ‘n mens normaalweg vertrou, word soms uit so ‘n persoon se lewe weggeneem om hom te vorm om buite homself in God sekuriteit te soek. Van die belangrikste lewenslesse word dan ook geleer wanneer die persoon verlieservarings beleef. Ernstige verlieservarings soos die afsterwe van ‘n geliefde, veral wanneer die geliefde vir die persoon gesorg het, lei tot baie hartseer en word die persoon wat treur deur Jesus as ‘n geseënde vermeld.*
3. *Verlieservarings breek dikwels die harde kors om die selfsugtige hart en maak dat die lydende persoon met groter deernis na sy medemens in soortgelyke situasies omsien. Die sagmoediges word dan ook geseëndes.*
4. *Menslike afhanklikheid, trane en ‘n sagte hart maak mense gewoonlik meer sensitief vir reg en onreg aangesien afhanklikheid, dikwels deur*

*onreg tot stand kom. Hulle wat onreg ervaar het kan dan ook met deernis ander se onreg ervaar en raak dan ook ingestel op die regstelling van onreg in ander se lewens.*

5. *Waar 'n sagte, meelewende hart deur swaarkry en onreg gevorm word, is die mens wat dit ervaar het, minder krities en veroordelend teenoor sy medemens ingestel. Deur pyn en lyding het so 'n persoon geleer om selfs sy vyande lief te hê en kan die persoon die seën van barmhartigheid ervaar.*
6. *Mense wat deur swaarkry gevorm is en geleer het om in afhanklikheid op God te vertrou kan dit nie met 'n verdeelde hart doen nie. Al die skyn en voordoen van die manipulering van ander vir die eie voordeel val weg en die persoon word gewoonlik gekenmerk deur opregtheid van hart.*
7. *Die pyn van onreg en vernedering omdat ander op jou neersien vanweë jou afhanklikheid seën hierdie persone gewoonlik met 'n behoefte aan vrede. Omdat hulle hulleself verloën het en God en ander mense se belange bo hulle eie stel is vrede met God, met ander en tussen ander mense vir hierdie persone belangrik.*
8. *Die persoon wat tot op hierdie punt gevorm is, is gereed om te kan ly vir dit wat reg is.*
9. *Die hoogste seën van die geseënde is om beledig en vervolg te word en sleggesê te word ter wille van Christus. In die geseënde se lewe was daar al so baie teenspoed en lyding dat hy geleer het dat hy  nie beter as sy*

*Here is nie en daarom kan verwag dat hy ook die lyding van sy Here sal ervaar.*

Wat is dan van die seëninge wat hierdie mens kan verwag om te ervaar?

1. Aan hulle behoort die koninkryk van die Hemele.
2. Hulle sal vertroos word.
3. Hulle sal die nuwe aarde ontvang.
4. Hulle honger na regverdigheid sal versadig word.
5. Hulle sal barmhartigheid ontvang.
6. Hulle sal God sien.
7. Hulle sal kinders van God genoem word
8. Hulle ontvang ‘n groot loon in die hemel.

**Afdeling 2**

# Hoofstuk 6

## Die Geseëndes en Vervloektes uit die tyd van die Ou Testament

*(tot en met Noag)*

Daar was net twee sondelose mense op hierdie aarde. Dit is as ons Jesus se menswording uitsluit. Dit was Adam en Eva. Dit is onduidelik hoe lank hulle op die aarde bestaan het voordat hulle in sonde geval het. Uit Gen. 5:3 is dit duidelik dat Adam en Eva se derde seun gebore is toe Adam 130 oud was. Toe was Kaïn en Abel reeds gebore en Kaïn het reeds vir Abel doodgeslaan. Dalk was die sondelose bestaan van die mens dus nie veel meer as 40 jaar nie of dalk die lewenspan van Jesus, voordat Hy vir die sonde van die mense gesterf het, naamlik 33 jaar. Sedert Adam en Eva se sondeval het die wêreld vinnig agteruit gegaan. Die mens het toenemend op homself gefokus geraak en sy eie belange los van God se wil gesoek. Altyddeur was daar maar die sondige begeerte by die mens om sy eie wil en sy eie ding te doen sodat hy sterk en onafhanklik van God kon voel. Deurgaans was daar egter die besturende hand van God wat die mens wou seën solank die mens besef het hoe afhanklik hy van God is, merkbaar. Die simptoom van die mens se verdorwe natuur is in sy behoefte om onafhanklik van God te wees en sy eie sekuriteite te skep. Die seën van God het dus die vloek na die sondeval geword.

Kaïn se arrogante houding teenoor God blyk uit sy antwoord, toe God hom gevra het waar sy broer is, nadat hy sy broer doodgeslaan het (Gen.4:9):

*Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?*

Net ‘n God vol genade en liefde sal dit van ‘n nietige mens verdra en hom nie oombliklik uitwis nie. Kan ‘n mens se grootheidswaan jou bring tot op die punt waar jy nie net God probeer bedrieg nie maar God ook probeer teregwys. God reageer soos volg ( Gen. 4:10):

*Vervloek is jy dan nou, verban van die grond af wat gretig die bloed van jou broer uit jou hand opgeslurp het. Wanneer jy die grond bewerk,sal dit nie sy opbrengs vir jou gee nie. Jy sal ‘n doellose swerwer op die aarde word.*

Wanneer die mens nie meer weet dat hy afhanklik van God is nie, bly net vervloeking vir hom oor; daar is net een God en dit is nie die mens nie.

Een van Kaïn se nakomelinge het ‘n soortgelyke houding as Kaïn geopenbaar. Hy het hom in sy grootheidswaan selfs bo Kaïn gestel toe hy die volgende van homself gesê het in Gen. 4: 24:

*Kaïn sal sewemaal gewreek word,*

*Lameg sewe en sewentig maal.*

Die seën van God oor die afhanklike mens blyk ook uit die woorde van Gen. 5;1 en 2:

*Toe God die mens geskep het, het Hy hulle gemaak as beeld van Homself. Man en vrou het Hy hulle geskep en Hy het hulle* ***geseën*** *en hulle mens genoem toe Hy hulle geskep het.*

Henog was een van die geseëndste mense op die aarde. Hy het die vloek op die sonde, naamlik die fisiese dood, misgeloop. Aangrypend mooi is die volgende getuienis oor sy lewe:

*"Henog het naby God geleef en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem. (Gen. 5:24)---Henog se ouderdom was dus 365 jaar. (*Dus een jaar vir elke dag van 'n  jaar).

'n Interessante deel van die mens se geskiedenis is opgeteken in Gen. 5:1-4.

*Toe die mense baie begin word het op die aarde en daar vir hulle dogters gebore is, het die hemelwesens gesien die dogters van die mense is mooi en het hulle getrou met die dogters van hulle keuse. 4. In daardie tyd was daar reuse op die aarde en ook daarna wanneer die hemelwesens na die dogters van die mense toe gekom en kinders by hulle gehad het. Hulle was die sterk mense van die ou tyd, die manne van naam.*

Die *hemelwesens* waarna verwys word is vermoedelik gevalle engele. Judas verwys ook na hulle in verse 6 en 7. Satan het deur die demone ook die voortgang van die geslagslyn van Jesus probeer kelder. Hierdie opstand is nie

deur God geseën nie en het gevolglik tot die uitwissing van die nakomelinge van die hemelwesens gelei.

In Gen. 6 kry ons nog ‘n voorbeeld van God se seën en vloek. Daar word gepraat van die groot verdorwenheid van die mense op die aarde. Hulle het hulle hele lewe lank net slegte dinge bedink. Dit het die Here gegrief en Hy was jammer dat Hy die mense en diere gemaak het. Gevolglik het Hy besluit om die mense en alles op die aarde uit te wis. Die mens het so groot in homself geword dat hy geglo het dat dit nie nodig is om hom aan God te steur nie; hy kon sommer sy eie god wees, onafhanklik van God. Sy vloek sou totale uitwissing wees, behalwe vir Noag en sy gesin wat God eerbiedig en gehoorsaam het. Vloek of seën; die mens kan self besluit.

In ‘n simboliese sin is die gebeure van die sondvloed die verhaal van die redding van die mens; die ou mens moet afsterf en onder die doopwater ophou asemhaal. Die mens wat uit die doopwater opstaan, is soos Noag wat ‘n tweede kans kry om te lewe en behoue deur die ark se beskutting kom te midde van al die dood en verwoesting om hom.So kry die wedergebore mens ‘n nuwe lewe en kan hy deur die een opening van die Ark uitstap ‘n nuwe lewe in waarlik weer gebore.

Noag beteken *opbeur*. Niks kan ons so opbeur as die seën wat op ons wag omdat ons diep afhanklik van ons Here bly nie.

## Hoofstuk 7

## Die sleutel tot die ontsluiting van vloek en seën

*(Van Abraham)*

Ons het reeds 'n paar maal verwys na *afhanklikheid* as die kernelement van die seën van die Here, en so ook die strewe na onafhanklikheid as die kernelement van vervloeking. Waar kom afhanklikheid en onafhanklikheid vandaan? Om die vraag te kan beantwoord moet 'n mens gaan kyk na die eerste onafhanklikheidstrewe.

Ons kry dit in die val van satan toe hy gepoog het om self god te word. Met hierdie oortreding het satan ongehoorsaam aan God geword. God was nie meer vir hom God nie maar iemand met wie hy kon kompeteer. In plaas van selfverloëning vind ons dan selfverheffing by satan.

Die eerste mense op aarde begaan dieselfde fout; hulle wil soos God wees deur als te ken en daarvoor is hulle bereid om ongehoorsaam aan God te word. Satan en die mens was nie bereid om hulle Godgegewe posisie voor God te aanvaar nie en wou eiewillig hulle eie ding doen. Hulle ongehoorsaamheid aan God het die kern gevorm van hulle onafhanklikheidstrewe. In hulle ongehoorsaamheid het hulle nie net God se gebod verwerp nie maar ook die oppergesag van God en het hulle eintlik teen God in opstand gekom en Hom verwerp.

Die mens wat aan God gehoorsaam is, is besig om die sleutel van die slot van afhanklikheid te draai. Die twee begrippe is ten nouste met mekaar verweef.

Dikwels is afhanklikheid by die mens ‘n leerproses soos die van ‘n kind in ‘n ouerhuis. Deur dissipline en soms straf leer die kind dat hy afhanklik van sy ouers en ander gesagsfigure is. Hy leer om gehoorsaam te wees en so die seën van sy ouers te smaak en nie hulle teregwysing en straf nie. So raak die kind gewoon aan die ewige waarheid dat hy geseën is solank hy in afhanklike gehoorsaamheid lewe. Dit wil sê gehoorsaam aan die goeie voorbeeld van die wat hom opvoed.

Eerbied en respek vir gesag word so ingeoefen om ‘n lewenslange seën te mag smaak. Ongelukkig is daar vandag, in 2024, al minder klem op respek vir gesagsfigure en word gesag grootliks uitgedaag omdat daar min dissipline, teregwysing en straf bestaan. ‘n Los moraliteit het die norm geword waar reg gelykgestel word met wat vir die mens werk en wat hy geniet. Die vergoddeling van die mens en menseregte het die mensgod goed gepas.

Kom ons keer teen hierdie agtergrond weer terug na voorbeelde van seën vir die wat weet hoe afhanklik hulle van God is. Ons beweeg verder aan met die wêreldgeskiedenis na die lewens van Abraham, Isak, Jakob en Esau en Josef.

1. Abraham

   Seën was Abraham se deel vanweë sy absolute gehoorsaamheid aan God. Hy het God so vertrou dat hy bereid was om blindelings te gehoorsaam.

Toe God vir hom die volgende gesê het, het hy nie ‘n oomblik gewyfel nie:

*“Trek uit jou land uit, weg van jou familie af na die land wat Ek vir jou sal aanwys.*

*Ek sal jou ‘n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou ‘n man van groot betekenis maak, en jy moet tot ‘n seën wees.*

***Ek sal seën wie jou seën,***

***En hom vervloek wat jou vervloek.***

*In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”*

*Abraham het toe weggetrek,* **gehoorsaam** *aan die woord van die Here….*

*(Gen. 12: 1-4)*

Vandag is dit 10 Januarie 2024. Môre begin die hofsaak waarin die Suid-Afrikaanse regering Israel aankla by die Verenigde Nasies oor Israel se beweerde skending van die menseregte van die inwoners van Gaza. God weet alles en ons as gelowige kinders van God weet dat God se belofte aan Abraham duisende jare terug nog steeds vandag geld. Daarom bid ons die volgende:

***O God, wees ons wat lief vir U is en vir Israel omgee, tog genadig. U weet ons ondersteun nie die verkeerde ding wat ons regering doen nie. Moet ons tog nie saam met hierdie regering straf en vervloek nie. Ons bid dat U Israel in hierdie hofsaak ryklik sal seën en dat U wil sal***

***geskied. Vou hulle tog toe in U genade Here en  seën die beskermingsmagte van Israel.***

***Dankie vir u seën en voorsienig sover.***

***Christene van Suid-Afrika.***

## Hoofstuk 8

*(Meer oor Abraham)*

Hierdie geseënde man van die Here het ook sy swak oomblikke gehad. Hy het ook soms onafhanklik van God probeer optree en so die seën van die Here verbeur. Dink maar net aan die een geleentheid toe Abraham Egipte toe getrek het vanweë die droogte in die land wat die Here aan hom as ewige erfenis beloof het (Gen. 12:10). Sy eiewillige optrede het hom in die moeilikheid laat beland. Hy het spoedig agtergekom dat die Egiptenaars met begerige oë na Sara gekyk het. Toe moes hy weer ‘n nuwe plan bedink om sy geliefde Sara te probeer behou. Sy oplossing vir sy probleem was om ‘n leuen te vertel en voor te doen dat Sara sy suster is. Hy het in sy ongehoorsaamheid aan God net verder van God af weg beweeg en het Sara nou probeer misbruik om vir sy eie voordeel te sorg; sodat die Egiptenaars hom nie sou doodmaak om sodoende Sara in die hande te kry nie. God was weer goed vir Abraham en het hom uit sy penarie gered en hom na Israel laat terugkeer; hy en Sara.

Abraham se grootste dwaling was egter die kwessie om die seun wat God aan hom en Sara beloof het maar wat net nie opgedaag het nie. In hierdie verband het Sara ‘n groot rol gespeel. Sy was nou al oud en Abraham diep in die tagtig. Haar geduld het opgeraak en sy wou nie langer op God se belofte wag nie. Sy het toe haar eie plan gemaak en aan Abraham die

voorstel gemaak dat hy haar slavin, Hagar, as vrou moet neem. Sy het gedink dat sy Hagar se kind dan as haar eie sal kan grootmaak. Die mens se slim planne sonder God se seën en buite Sy wil dra net nie goeie vrug nie. In hierdie geval het die resultaat van Abraham en Sara se optrede net gedeeltelik uitgewerk. Toe Hagar agterkom dat Abraham se kind in haar verwek is het sy arrogant teenoor Sara opgetree. Sy was na haar mening nie meer van Sarai afhanklik nie. Gevolglik het Sara haar weggejaag en Hagar en die jong ongebore Ismael het byna in die woestyn omgekom. Jesus (die Engel van die Here) het aan Hagar verskyn en vir haar gesê: *Gaan terug na jou eienares toe en onderwerp jou aan haar gesag. Kyk jy is swanger; jy sal 'n seun in die wêreld bring. Jy moet hom Ismael noem.* Die Here seën die wat weet hoe afhanklik hulle van Hom is en so is Hagar ook geseën toe sy in haar nood haar op God se hulp beroep het. Ismael beteken: Die Here hoor. Die Here het haar afhanklike roep gehoor en het haar geseën. Omdat God alles weet het Hy ook 'n plan met Ismael se geboorte gehad en sou Ismael in die jare wat kom 'n groot rol in Israel se geskiedenis speel. God het nie verniet die volgende profesie oor Ismael en sy nageslag uitgespreek nie: (Gen. 16:12):

*Jou seun sal 'n man wees*

*so ontembaar soos 'n wildedonkie;*

*hy sal teen almal wees.*

*Hy sal in vyandskap leef*

*met sy bloedverwante*

Abraham het baie ryk geword. God het Abraham ryklik geseën. Merkwaardig is die feit dat Abraham te midde van die baie aardse seëninge selde vergeet het dat hy van God afhanklik is. Daarom het die seën van God op Hom gebly. Selfs vir sy geloof in God het Abraham van God afhanklik gebly. Voortdurend het hy gepoog om in God se liefde en trou te bly. Tog het God dit nodig gevind om hom te toets. Na baie jare se wag vir die vervulling van God se belofte om 'n kind van hulle eie het Abraham en uiteindelik hulle eie kind, Isak, van God ontvang. Abraham was nou bykans 100 en Sara bykans 90. Die grootste toets van Abraham se lewe het egter vir hom gewag: God het die volgende opdrag vir hom gegee (Gen.22:2):

*Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys.*

Dan volg seker van aangrypendste woorde in die Bybel:

*Vroeg die volgende more het Abraham 'n donkie opgesaal en hout gekap vir die brandoffer.*

Daar was by Abraham geen huiwering om te doen wat God van hom gevra het nie. Hy het dadelik gehoorsaam. Toe Abraham sy arm optel om Isak keelaf te sny het God hom gestop en gesê:

*Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy my dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan my te offer nie.*
Kan dit wees dat daar tog iets was wat God nie geweet het nie? Was God onseker of Abraham Hom sou gehoorsaam en sy enigste seun sou offer? Blykbaar was dit so want God sê tog uitdruklik:
***Nou** weet Ek dat jy My dien,* asof Hy nie vooraf dit geweet het nie. Vir Abraham se gelowige afhanklikheid het God getrou gebly tot vandag toe nog en Israel as 'n nasie in stand gehou.

Een van die mooiste verhale in die Bybel is in Genesis 24 vir ons opgeteken. Enige kommentaar oor hierdie hoofstuk sal net afbreek daaraan doen. Daarom word volstaan met die wens dat jy nie by hierdie hoofstuk sal verby beweeg sonder om dit te lees

## Hoofstuk 9

## Esau en Jakob

## (Gen, 28-36)

Esau was van geboorte af harig en rooi. Hy was wild en eiewillig, lief vir jag en het hom nie veel gesteur aan sy ouers se wense nie. Daar kan met redelike sekerheid gesê word dat hy ‘n onafhanklike leefstyl gevolg het, gejag het en lief vir die veld was. Hierteenoor was Jakob die huishen. Hy was, soos die Bybel sê, ‘n rustige persoon en het gehou van kosmaak. Esau was Isak se gunsteling en Jakob Rebecca s`n. Esau was die oudste maar sy eersgeboortereg het nie veel vir hom beteken nie en daarom kon hy dit maklik vir ‘n bord lensiesop aan Jakob afstaan. Wat Jakob gedoen het was wettig en hy het dus met reg die eersteboortereg verkry. Dat hy sy blinde vader mislei het, was verkeerd, maar hy het die eersgeboortereg wettig bekom. Die seën wat Isak onwetend op Jakob uitgestort het,het wettig aan Jakob behoort. Daarom dat die seën blywend was, selfs nadat Esau huilend by sy pa gekla het en ook vir een of ander seën gepleit het. Al wat Isak Esau mee kon seën was die uitspraak dat Esau se nageslag die juk van Jakob se nageslag sal afgooi. Die vele konfrontasies in die eeue wat sou volg sou hiervan getuig.

Jakob was afhanklik van Laban, sy oom, vir die se twee dogters waarmee hy getrou het. Laban het soos Jakob bedrieglik opgetree en Jakob moes nog 7 jaar vir Ragel, sy lieflingvrou, werk. So het hy iets ervaar van die

negatiewe gevolge van ‘n eiewillige en onafhanlklike optrede buite God se wil. Te midde van al die skelmstreke het God steeds vir Jakob bly seën. Jakob se afhanklikheid van God is geseën toe hy vir sy broer se wraak gevlug het en die eerste nag in die veld geslaap het. God het in ‘n droom aan hom verskyn en sy onsekerheid oor sy toekoms weggeneem met die wonderlike beloftes wat God aan hom gemaak het. Hierop het Jakob sy trou en afhanklikheid van God bevestig met die uitgiet van olie op die klip wat as sy kopkussing gedien het.  Sy belofte aan God was die volgende:

*As U,o God, by my is en my beskerm op my reis en vir my kos en klere gee, sodat ek behoue terugkom na my ouerhuis, sal U my Here, my God wees . Hierdie klippilaar wat ek regop gesit het, sal ‘n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U ‘n tiende gee (Gen. 28:20).*

Laban het Jakob op verskillende maniere probeer inloop maar die Here het Jakob geseën en gehelp om altyd voorspoedig te bly en ryk te word. In Gen. 31:3 gee God aan Jakob die opdrag om terug te gaan Israel toe. *Gaan terug na jou vaderland, na jou  familie toe, Ek sal by jou wees.*

Jakob se afhanklikheid van God word so getoets want toe hy laaste by sy familie was, wou Esau hom vermoor oor die eerstelingkwessie. Sy vrouens se instemming het God se wil vir hom bevestig.

Ragel het moontlik ‘n engelgesiggie gehad maar haar hart het nie volkome op God vertrou nie en sy het besluit om haar pa se

afgodsbeeldjies te steel voordat hulle vertrek. Jakob het volgens sy aard vir Laban bedrieg deur hom nie te vertel van hulle voorgenome trek na sy tuisland toe nie.

Een van die hoogtepunte van Jakob se afhanklikheid van God vind ons in Gen. 32: 11 waar hy in sy groot nood die Here soos volg aanroep:

*Red my tog uit die mag van my broer Esau. Ek is bang vir hom. Hy kan dalk kom en my doodmaak, en ook die moeders en kinders. U het my tog beloof; Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sand van die see, wat nie getel kan word nie.*

God kan ‘n mens wat in afhanklikheid na Hom toe kom ryklik seën soos Hy hier met Jakob gemaak het; die broer wat laaste nog gesê het dat hy Jakob gaan doodmaak is nou die een wat Jakob tegemoet hardloop en hom omhels:

*Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil (Gen 33: 4).*

## Hoofstuk 10

## Josef

Tussen die geskiedenis van Jesus en die van Josef kom daar paralelle voor, soos die volgende:

1. God het Sy Seun Jesus bo al die hemelwesens liefgehad soos Jakob vir Josef bo sy broers liefgehad het.
2. Vanweë die besondere band tussen Josef en Jakob het Josef sy vader se vertroueling geword. Jesus was en is nog steeds God se vertroueling vanweë hulle Goddelike eenheid.
3. Josef is deur sy broers gehaat soos Jesus deur satan en sy trawante gehaat word.
4. Satan en sy demone is jaloers op Jesus en probeer Hom benadeel waar en wanneer hulle kan. So is Josef ook benadeel deur sy broers wanneer hulle die kans gekry het.
5. Josef is verneder en van sy klere gestroop toe hy as slaaf deur sy broers verkoop is. Jesus is ook verneder en van sy klere gestroop toe hy Hy gekruisig is.
6. Soos Jesus is Josef se bewegings as slaaf ingeperk toe Hy aan die kruis vasgespyker is.
7. Jesus is vir 30 silwerstukke verraai en Josef is vir 20 silwerstukke verkoop.
8. Jesus is altyd deur God ondersteun soos Josef.

9. Jesus moes baie ly en verneder word; so ook Josef.
10. Jesus is deur satan versoek en so ook is Josef deur Potifar se vrou versoek.
11. Soos Jesus het Josef ook satan weerstaan en het hy op God bly vertrou.
12. Josef moes sy afhanklikheid van God op 'n harde manier leer terwyl Jesus vanweë Sy sondeloosheid totaal van God afhanklik was.
13. Jesus het guns in God se oë ontvang as Koning van die Jode, so ook Josef wat as slaaf en gevangene en as onderkoning van Egipte gedien het.
14. Jesus het alles geweet wat God aan Hom geopenbaar het. So het God ook drome se uitleg aan Josef geopenbaar.
15. Jesus het altyd eer aan Sy Vader gebring. So het Josef ook altyd die eer vir alles hy gedoen het aan God se hulp en voorsiening toegeskryf.
16. Josef het 'n hart vir die lot van mense gehad soos Jesus oneindig lief is die mense wat deur Hom gemaak is.
17. Josef was genadig teenoor sy broers toe hy in 'n magsposisie was om hom op hulle te wreek. So ook was Jesus en is Hy nog steeds die God van genade, liefde en ontferming.

## Hoofstuk 11

## Moses

Van Moses is die gedeelte in Mat.5:3 besonderlik waar:

*Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is want aan hulle behoort die koningryk van die Hemele.*

Moses was seker een van die afhanklikste persone in die Bybel. Sy afhanklikheid is nie altyd deur Godsvertroue aangevul nie. Tog het God hom geseën soos Hy beloof het.

Israel het ‘n sterk nasie in Egipte geword. God het hulle geseën en hulle het baie geword, so baie dat die Egiptenare deur hulle bedreigd gevoel het. Farao het ‘n plan gemaak en wou eers deur die vroedvroue die getal babatjies probeer beperk. Die vroedvroue wou nie deel van die volksmoord wees nie en het nie saamgewerk nie. Die volgende plan van farao was die volgende opdragte aan sy hele volk:

Eks 1:22:

*Julle moet elke pasgebore seuntjie in die Nyl gooi, maar spaar die dogtertjies se lewe.*

Moses was ‘n uitsonderlike mooi baba, gebore vanuit ouers wat beide afgestam het van die Leviete. Sy moeder het hom weggesteek totdat sy nie meer kon nie en het toe ‘n mandjie gevleg en dit diggemaak met pik. Versigtig is die baba

hierin neergesit en aan die kant van die Nyl in die rivier gesit. Moses se suster moes ‘n ogie hou en kyk wat met haar boetie gebeur. ‘n Mens kan jou nie die angs van die moeder, die vader en die sussie voorstel nie. Alles was egter deel van God se groot plan. Hier kom nou ‘n stukkie Goddelike humor in. God voorsien dat die farao se dogter saam met haar gevolg in die Nyl kom bad. Sy kom op die pragtige baba af en God gee in haar hart deernis vir die kind. Sy was seker maar onbeholpe met die kleinding en het die geleentheid as ‘n uitkoms aangegryp toe Moses se sussie aanbied om vir haar iemand te kry wat vir haar na die baba kan omsien. Natuurlik het sy vir Moses se moeder gaan haal. So kon Moses oorleef, deur sy moeder opgevoed word en die voordeel van ‘n koninklike paleislewe geniet. Farao moes die kind wat vir sy ondergang gebruik sou word, as sy kleinkind versorg sonder dat hy dit geweet het.

Die deernis vir sy eie mense is deur God gebruik om Moses se lewe op ‘n besondere manier te bestuur. Toe hy sien dat een van sy volksgenote deur ‘n Egiptenaar geslaan word het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom in die sand begrawe. Die volgende dag probeer hy intree vir ‘n volksgenoot wat deur ‘n ander volksgenoot geslaan word. Toe hy probeer keer het hy die volgende ontstellende woorde gehoor:

*Wil jy my miskien ook doodslaan soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?*

Moses het besef dat hy vir sy lewe moet vlug want die Egiptenaars sou so iets nie toelaat nie. In Midian het God vir hom ‘n nuwe tuiste by ‘n goedgesinde

man voorsien. Hy het met een van die man se dogters getrou en het sy seuntjie Gersom genoem omdat Gersom “vreemdeling” beteken en Moses ‘n vreemdeling in ‘n vreemde land was.

God gryp in in Moses se lewe waar hy sy skoonpa Jetro se vee oppas naby die berg Horeb. Een van God se langste gesprekke met ‘n mens volg dan waar Hy Moses se belangstelling prikkel met ‘n doringbos wat nie uitbrand nie (Eks.3 en 4). Kan ‘n mens se afhanklikheid van God so groot word dat God vir jou kan kwaad word? In Eks. 4: 13 en 14 staan:

*Maar Moses antwoord: “Asseblief tog Here, stuur liewers iemand anders.”*

*Toe word die Here kwaad vir Moses en sê: “ Aaron, die Leviet is mos jou broer, en Ek weet hy kan sy woord goed doen. Hy is al op pad om jou te ontmoet en hy sal bly wees om jou weer te sien.”*

Die God wat ons aanbid ken ons. Hy weet van ons swakhede veral van ons swak geloof om Hom voluit te vertrou. Hy kan alles deur ons doen as ons Hom maar net kan vertrou om ons afhanklikheid tegemoet te kom. Hy kom in Sy liefde Moses tegemoet en verseker hom selfs dat Aaron sy broer bly sal wees om hom te sien.

Luister net hoe Moses God se geduld beproef met sy afhanklike ongeloof:

1. Wie is ek dat ek dit by die farao sou waag en dat ek die Israeliete uit Egipte sou bevry. (Eks.3:11)

2. Maar toe sê Moses: " *Sê nou die Israeliete glo my nie en hulle luister nie na my nie en hulle sê die Here het nie aan my verskyn nie?"* (Eks. 4:1)
3. Toe sê Moses vir die Here: "*Ag Here, ek kan nie goed praat nie; ek kon vroeër nie en ek kan ook nie nou nie, hier waar ek met U praat nie. Ek praat swaar, en my tong sukkel.* (Eks.4:10)
4. Maar Moses antwoord*:" Asseblief tog Here, stuur liewer iemand anders."*

Soos Moses die toonbeeld is van hoe God 'n mens kan seën indien die mens weet hoe afhanklik hy van God is, is die Farao een van die beste voorbeelde van die teendeel.

Die farao in Egipte was in teenstelling met Moses die toonbeeld van onafhanklikheid. Sy onafhanklikheid van God het gespruit uit die feit dat hy nie in die God van Abraham, Isak en Jakob geglo het nie. Hy het so min geglo dat hy God openlik teengestaan het. In Eks. 5:2 vra farao die volgende vraag aan Moses:

*En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie.*

In Eks. 3 tot 15 vind ons 'n wonderlike uiteensetting van hoe God die afhanklikes van Hom seën en hoe die wat Hom verag vervloek word. Ons leer in hierdie gedeelte van God se geduld met 'n swak mens maar ook sy straf op die mens wat selfgenoegsaam en vol selfvertroue is. Dikwels het Moses sy swak

geloof probeer regverdig met sy onvermoë om in die openbaar te praat. Dit selfs nadat God hom geleer het dat die God wat die mond van ‘n mens maak hom in staat sal stel om sy woord te doen en dat God vir hom sal sê wat hy moet sê.

Die groot verlossingsplan van God met Sy volk word vir ons duidelik by die lees van hierdie hoofstukke. Nie net rus God vir Moses toe met wat hy nodig het nie maar Hy stuur ook vir hom hulp in die vorm van Moses se broer wat by hom aansluit. Lank terug het God reeds vir Aaron toegerus met die vermoë om goed te kan praat. God gee ook vir Moses ‘n staf waarmee hy wonderwerke sou doen. Hy word herinner om die staf by hom te hou. God het geweet dat sy swak dienaar iets sou nodig hê om hom te herinner aan God se teeenwoordigheid. Moses en sy broer word ook toegerus met die vermoë om wonderwerke te doen. God is so behulpsaam vir die wat in hulle eie swakheid op Hom vertrou. Al wat hy van sy kind verlang is om beskikbaar te wees.

Toe Moses by die Here kla oor die swak behandeling van Israel deur die farao het God hom beloof dat hy net moet wag en op God moet vertrou om die groot wonders te sien wat God nog gaan doen. Die hele geskiedenis van Israel se verlossing uit die slawebestaan in Egipte gaan oor God se eer. Vir duisende jare na hierdie gebeurtenis tot vandag toe staan die mens verstom oor God se grootheid, Sy almag, hoe Hy Sy volk gered het, verlos het en gespaar het.

Daar is ook ‘n dieper betekenis agter hierdie stuk geskiedenis vir ons opgeteken. Die Verlossing van Jesus vir sondaars word reeds in hierdie gedeelte vir ons

voorspel. Soos die Israeliete slawe was in Egipte is die mens ook maar ‘n slaaf van die sonde sedert die val van Adam en Eva. Die tiende plaag, die dood van eersgeborenes, vind ‘n toepassing in die dood van Jesus. Soos die dood van die eersgeborenes die deurslag gegee het vir die verlossing van Israel het die dood van God se Seun, ons Here Jesus, verlossing vir ons gebring van die slawebande van die sonde. Alleen die mense wat die bloed van die geslagte perfekte offerlam aan die deurkosyne gesmeer het, is oorgeslaan deur die doodsengel wat deur Egipte beweeg het. So word ook ons vandag deur die bloed van die perfekte Offerlam, Jesus Christus, oorgeslaan vir die ewige hel, beweeg ons uit die slaweland van die sonde na die Beloofde Land by God ons Vader.

Een vereiste bly bestaan: *Ons voortdurende bewustheid van ons eie ontoereikendheid, ons afhanklikheid van die bloed van die Lam om ons sondes af te was.*

Toe Israel deur die Rietsee getrek het, het God Sy almag oor die magte van satan voltrek en hulle almal laat omkom in die see waardeur God Sy volk droogvoets gelei het. Ook hierdie gebeurtenis het ‘n parallel in die geskiedenis van Jesus se verlossing van sondaars; die doop van die gelowige wat Jesus vertrou vir die uitwissing van sy sondes en die mag van satan wat die mens verslaaf, het sy oorsprong in die gebeurtenis gehad.

Goddank farao en al sy meelopers is uitgewis in dieselfde see en gebeurtenis wat ons aan die doping in God se genade herinner. So is die mag van satan ook verbreek oor hulle wat in God glo en Hom vertrou vir hulle verlossing.

# Hoofstuk 12

## Insidente uit die Groot Trek

*( Van Egipte tot by die Jordaanrivier)*

Soos dit vandag nog die geval is, het God Israel ryklik geseën wanneer hulle afhanklik op Hom vertrou het. Dit was egter ook nodig om Israel te straf wanneer hulle op hulleself, eiewillig vertrou het en gedoen het wat hulle gedink het goed vir hulleself sou wees sonder om God se wil in berekening te bring.

Kom ons kyk na voorbeelde hiervan tydens Israel se trek van 40 jaar deur die woestyn na hulle beloofde land toe:

1. Die magtige Egiptiese leër agtervolg Israel. Van agter word die volk deur die farao met sy honderde strydwaens bedreig en voor hulle lê die Rietsee. In opstandige afhanklikheid trek Israel te velde teen Moses wat hulle kwansuis uit Egipte laat trek het om hulle in die woestyn te laat omkom. Wanneer die mens nie sy eie wil kan uitvoer in sy afhanklikhheid nie is hy geneig om teen God in opstand te kom. Ons dien ‘n God van genade anders kon die geskiedenis van Israel heel anders verloop het. Indien God aan Israel se wens voldoen het en hulle toegelaat het om na Egipte as slawe terug te keer was Israel as nasie uitgewis en sou ons nooit die wonderlike verhaal van Israel gehad het nie.

Afhanklikheid alleen is dus nie ‘n deug nie maar afhanklikheid **van God** is wel, soos ons teksvers in Mat. 5:3 lui:

*Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle* ***van God*** *is……*

Farao en sy krygsmanne betaal ‘n hoë prys vir hulle arrogante onafhanklikheid, hulle eiewilligheid en hulle vertroue op hulle getalle en strydwaens. Dit is toe dat God die strydwaens se wiele laat uitval en al die soldate in die see laat verdrink het; einde van die magtige Egipte.

In ‘n woestyn is daar gewoonlik min water en kos vir mens en dier. God hoor die afhanklike uitroepe van sy kinders in hulle nood in die woestyn en voorsien vir hulle brood in die vorm van Manna. (Eks.16) In Eks. 17 voorsien die Here vir hulle water. Tog het Israel so min van God se voorsiening geleer dat hulle hul afhanklikheid van God verkeerd hanteer het:

*Maar daar was geen water vir die volk om te drink nie. (Refidim –Eks. 17:1). Toe het die volk met Moses rusie gemaak en gesê: Gee* ***jy*** *vir ons water om te drink.*

Weer het God nie vir Israel uitgewis nie.

Die eerste deel van die Tien Gebooie wat op Sinaiberg vir Israel gegee is maak dit duidelik dat daar net een God is en dat Hy nie sy eer met ander deel nie:

*Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het. Jy mag naas My geen ander God hê nie.*

*Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie. Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken die kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van die wat My haat, maar Ek betoon My liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam. (Eks.20:1)*

Terwyl God vir Moses die Tien Gebooie op die berg Sinai gegee het, het die volk Aaron oorreed om vir hulle 'n goue kalf te maak om te aanbid: (Eks. 32:3.

*Die hele volk het toe die goue oorringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aaron gebring. Hy het dit van hulle ontvang en verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak.*

*Toe sê die volk: 'hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!'*

Indien hierdie gedeelte nie in die Bybel opgeteken was nie sou dit moeilik gewees het om te glo dat dit werklik gebeur het. Hoe is dit moontlik? Hoe kon Israel al God se wonderwerke in Egipte vergeet het, hoe kon hulle die instelling van die Paasfees vergeet het, hoe kon hulle die wonder van die see wat deur God oopgekloof is vir hulle om droogvoets deur te stap vergeet het, hoe kon hulle God se voorsiening van kos en water vergeet het? Die volk het nog steeds 'n gevoel van afhanklikheid ervaar maar hulle wou nie van God afhanklik wees nie. Dit het vir hulle gevoel of

hulle in beheer is, hulle eie god is, indien hulle vir hulleself ‘n god kon maak.

Ons wat so maklik oor ander oordeel moet oppas dat ons nie aan dieselfde oortredings skuldig is nie. Dink maar net terug aan jou eie lewe: Wat van die baie kere toe jy in ernstige nood was en jy tot God geroep het en Hy jou wonderbaarlik uitgehelp het. Dalk sukkel jy om dit te onthou en is jy, maar soos ek, net soos die Israeliete met ‘n kort geheue. Het jy, en ek, nie ook maar ons eie afgode gemaak en nie op God alleen vertrou nie? Dink in hierdie verband aan al jou pogings om self sekuriteite tot stand te bring; jou baie polisse, aftreeplanne, spaarplanne, sekuriteite om jou huis, buitelandse beleggings, die keuse van jou woonbuurt, so baie dat jy nie eintlik iets vir God gelos het om op Hom te vertrou nie.

Geen wonder God se toorn het oor die volk losgebars nie en dat Hy toegelaat het dat die Leviete 3000 Israeliete om die lewe bring. (Eks.32:29).

Nog ‘n ernstige teleurstelling moes vir God gewees het toe Hy die Beloofde Land aan Sy volk wou gee en hulle Hom nie genoegsaam vertrou het om oorwinning vir hulle oor die reuse van die land te gee nie. Ons vind hierdie stuk geskiedenis in Numerie 13.

Op die Here se bevel stuur Moses 12 leiers van Israel om die Beloofde Land te gaan verken.

Al die verkenners het saamgestem dat dit ‘n goeie land is wat oorloop van melk en heuning. Tien van die twaalf het ‘n “maar” by hulle kommentaar gevoeg:

*Maar die mense wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot. Ons het ook die nasate van Enak daar gesien (Reuse). Num. 13:28.*

Wat hulle eintlik gesê het is dat hulle baie klein en afhanklik gevoel het toe hulle die land en sy mense gesien het en dat hulle nie dink dat God hulle teen die land se mense oorwinning kan gee nie. Afhanklikheid sonder Godsvertroue beteken dus nie veel nie.

Genadiglik was daar ook twee verspieders wat die ongelowiges kon stilmaak. Kaleb het gesê:

*Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kan dit doen.*

*Maar die manne wat saam met hom gegaan het, het gesê;*

*“nee ons kan nie teen daardie mense optrek nie want hulle is sterker as ons”* Eintlik was hulle reg want hulle sou nooit in eie krag die oorwinning oor hulle vyande kon behaal nie.

Josua, Kaleb, Moses en Aaron tree in vir die volk en pleit dat God tog nie die volk moet uitwis vanweë hulle wantroue in Hom nie. Hulle spreek die volgende getuienis uit:

*As die Here ons goedgesind is, sal Hy ons na hierdie land toe bring en dit aan ons gee, ‘n land wat oorloop van melk en heuning. Julle moet nie*

*teen die Here in opstand kom nie. Moet ook nie vir die mense van die land bang wees nie, want ons sal hulle maklik verslaan. Hulle gode sal hulle nie kan beskerm nie. Die Here is by ons. Moenie vir hulle bang wees nie.*

In hierdie gedeelte is daar heelwat lesse vir ons te leer. Indien ons ons afhanklikheid van God erken en weet dat ons sonder Hom niks kan doen nie, sal Hy ons seën en help. Die teendeel is ook waar. God het nie verniet die volgende vir Moses gesê nie:

*Hoe lank sal hierdie volk My almag bly onderskat* ?

*Hoe lank sal hulle weier om op My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het*?

*Ek gaan hulle tref met die pes en hulle uitroei*………… (Num. 14:11)

Die straf op die verspieders en die volk se ongeloof in God was dat nie een van hulle die Beloofde Land sou binnegaan nie en dat hulle in die woestyn sal omkom. Net Josua en Kaleb sou die Beloofde Land binnegaan.

# Hoofstuk 13

## Josua

Die eerste ses hoofstukke van die boek Josua is ‘n suksesverhaal van Josua en die volk Israel se afhanklike, gehoorsame, gelowige vertroue op God. Hulle het egter gou weer in hulle ou sondige patrone verval deur onafhanklik van God op te tree. Eers was daar die wonderbaarlike oorwinning oor die versterkte stad Jericho toe die Israelse leër net God se voorskrifte, wat geen militêre sin gehad het nie, gevolg het. Hier het hulle selfvertroue ontwikkel en hulle Godsvertroue ingeboet. Na die magtige stad Jericho se inname het hulle gedink dat hulle sterk en bekwaam is om sommer self eiehandige die ou klein stadjie Ai onderstebo te loop. In Jos.7:3 staan:

*Die manne is toe weg en het Ai verken. Toe hulle by Josua terugkom, sê hulle vir hom: “Dit is nie nodig dat al die manskappe gaan nie. So twee of drie duisend man kan gaan en Ai inneem. Die manskappe hoef hulle nie almal daar te gaan moeg maak nie, daar is min mense in Ai.”*

Hierdie stuk geskiedenis leer ons ‘n belangrike les ten opsigte van afhanklikheid van God en God se seën. (Josua 7):

Daar is ten minste een ding wat God se seën kanselleer, al weet die mens hoe goed dat hy van God afhanklik is: d it is ongehoorsaamheid aan God se opdragte. In hierdie stuk geskiedenis moes Israel alles in Jericho verwoes as ‘n

banoffer aan God en die gewyde stukke moes vir God se bewaar word. Die mense kon niks vir hulleself toeëien nie.

Akan kon egter nie die versoeking weerstaan nie en het van die goud en silwer vir homself geneem en dit in sy tent weggesteek. Hier sien ons dat die ongehoorsaamheid van ‘n enkele persoon die hele volk kan benadeel. Vir sy ongehoorsaamheid, wat eintlik maar neerkom op ‘n poging om onafhanklik van God vir homself te probeer sorg, het Akan ‘n hoë prys betaal. Hy is met klippe doodgegooi en hy, sy hele gesin en al hulle diere en besittings is verbrand.

Nie net Akan het ‘n prys betaal nie maar Israel moes in hulle neerlaag teen die ou paar mensies van Ai sien hoe 36 van hulle vegters om die lewe gebring word toe hulle voor Ai se soldate gevlug het. (Jos.7)

Dit was ook ‘n les vir Josua. Hy het by die eerste poging om Ai te oorwin, nie eers die moeite gedoen om self die leërmag te lei nie. Na die nederlaag vind ons vir Josua huilend op die grond voor God. Hy verwyt God vir die nederlaag teen Ai en wil by God weet waarom God hulle nie maar anderkant die Jordaan laat bly het nie.

Indien God dan en daar vir Josua sou uitgewis het weens sy arrogante houding sou dit ‘n mens nie verbaas het nie. God is egter so goed en vol genade dat Hy Josua net teregwys en nog vir hom verduidelik dat hy die probleem heeltemal verkeerd verstaan; dit gaan nie oor hom en Israel en hulle eer en beskerming nie maar oor God en gehoorsaamheid aan God. Dit is ook ‘n les wat ons vandag

nog kan leer. Ons kan so maklik verkeerd betekenis gee vanuit ‘n gevoel van eie belangrikheid in die wanopvatting dat alles net om ons draai. Nee, dit gaan oor gehoorsaamheid aan God en eer aan Hom. Soms moet ‘n mens maar op ‘n harde manier leer dat jy en jou belang aan God se belang ondergeskik is. ( Josua 7:12).

Gou na hierdie gebeurtenis moes Josua weer ‘n harde les leer. Hulle is deur die Gibeoniete mislei. Die Gibeoniete het gemaak asof hulle van ‘n vêr land af kom om ‘n vredesverdrag met Israel te sluit. As bewys het hulle ou brood saamgebring om te toon hoe vêr hulle van Israel af bly. Maar:

*Die Israeliete het na die padkos gekyk, maar nie die Here geraadpleeg nie. Josua het die Gibeoniete goed behandel en met hulle ‘n verdrag gesluit. (*Josua 9:14)

Die oomblik wat ‘n mens op sy eie insigte, sonder God se insette, staatmaak verbeur hy die seën wat God uitstort op die wat weet hoe afhanklik hulle van God is.

God het dikwels ‘n groter plan agter dit wat die mens kan verstaan. Deur hierdie gebeurtenis het God die Gibeoniete vir ewig aan Israel verkneg as houtkappers en waterdraers. So het God dan van sy volk wat slawe was, slawe-eienaars gemaak.

In Josua 10:12 word ‘n unieke gebeurtenis in die Bybel vir ons opgeteken:

Israel het vanweë hulle verbintenis met Gibeon skielik vir die 5 konings om Jerusalem ‘n bedreiging geword en hulle het besluit om Gibeon van die aarde af te vee. Gou het Gibeon vir Israel laat weet van hulle probleem en op God se bevel het Israel Gibeon gaan help. Eintlik het God alles gereël om eensklaps met 5 van Israel se vyande af te reken. Die Here het die vyand paniekerig gemaak en Israel het ‘n groot slagting onder die 5 konings aangerig. Toe die konings en hulle soldate begin vlug, het God groot haelstene op hulle laat val sodat meer dood is vanweë die hael as die swaard. Ten einde die vyand ten volle te kon uitwis, het Josua meer tyd nodig gehad en God het sy versoek om meer daglig toegestaan deur ‘n eenmalige wonderwerk toe te laat juis omdat Josua getoon het dat hy so afhanklik van God is dat hy selfs geglo het dat God die son kon laat stilstaan: Hy het gesê:

*“ Son, staan stil in Gibeon,*

*En maan, staan stil in Ajalonlaagte.*

*Die son het stilgestaan, die maan het nie geroer nie*

*Totdat Israel sy vyande verslaan het. (Jos.10:12)*

Hierdie 5 konings is gedood en hulle koninkryke is vernietig.

Ons leer dat ons God mag eer deur geloof in Sy almag te openbaar veral in ons nood wanneer ons ons afhanklikheid van Hom leer ken.

Hiervandaan het Josua sy veldtog verder gevoer want die Here het die een koning na die ander in sy hand gegee. Alles van die konings wat oorwin is, is vernietig, die mense is almal doodgemaak en God het ruimte vir Sy volk geskep:

*Hy, (Josua) het al die konings en hulle lande in een veldtog oorwin, want die Here die God van Israel het die oorlog vir Israel gevoer.*

Wanneer jy in God se wil is en op Hom vertrou is niks onmoontlik nie. So het Josua die land skoongemaak en al die mense om die lewe gebring. Die meeste stede is afgebrand en God het sy belofte aan Israel gestand gedoen.

*Die land kon toe rus van oorlog.* ( Josua 11: 23)

# Hoofstuk 14

## Gideon

In Rigters 6 tref ons die interessante verhaal van Gideon, een van die Rigters, aan.

Omdat Israel gedoen het wat verkeerd was in die oë van die Here het Hy hulle oorgegee in die hand van die Midianiete. Hulle het intens gely want hulle vee is alles weggevoer en die Midianiete het gereeld alles wat hulle geplant het gestroop. In Rigters 6: 5 en 6 word dit vir ons soos volg opgeteken:

*Hulle het die land kaalgestroop.*

*Hulle het die Israeliete arm laat word, en toe het die Israeliete tot die Here geroep om hulp.*

Vir die soveelste keer leer ons uit die geskiedenis van Israel dat die Here die mense seën wie weet hoe afhanklik hulle van God is.

God kies een man, naamlik Gideon, om Sy volk van die Midianiete te verlos. Hy sou vir die standaarde wat vandag geld, beslis nie vir hierdie groot taak gekwalifiseer het nie. Soos hyself vir die Engel van die Here gesê het:

*Ekskuus Meneer, waarmee sal ek die Israeliete gaan red? Die familie waaraan ek behoort, is die armste in die hele Manasse, en van my pa se kinders het ek die minste aansien. (Rig.6:15)*

God kyk nie na die mens vanuit menslike perspektief nie. Hy sien die potensiaal van ‘n mens wanneer Hy sien dat die mens weet dat hy uit sy eie nie kan doen wat God van hom verwag nie soos dit by Gideon die geval was. God spreek hom aan as *dapper man* en sê dan vir hom:

*Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israeliete uit die mag van die Midianiete! Toe Ek stuur jou! ( Rigters 6:14)*

Ons moet net onthou wat Gideon se omstandighede op hierdie stadium was. Hy sit binne- in ‘n parskuip waar hy wegkruip vir die Midianiete en hier probeer hy ‘n bietjie koring uitwan om ‘n broodjie te bak.

By, en met God, is alles moontlik. Daarom kon God vir Gideon bemoedig met die woorde:

*Ek is by jou, en jy sal die Midianiete verslaan asof hulle nie meer as een is nie. (Rigt. 6:16)*

Ons het ook soos Gideon ‘n geduldige God nodig. Wanneer ons hierdie geskiedenis van Gideon lees wonder ons oor Gideon se ongeloof en waarom die Here dit nodig gevind het om soveel wonders vir Gideon te doen en soveel keer aan hom te verskyn om hom te bemoedig. Maar is ons nie maar dikwels in dieselfde situasie as Gideon nie? Indien ons terugdink oor ons lewens en sien hoeveel  keer die Here wonders vir ons gedoen het en hoe bang ons nog steeds is wanneer ‘n nuwe uitdaging in ons lewens opdaag, besef ons dat ons almal

maar net wandelende moderne Gideons is. Mag ons soos Gideon iewers langs ons lewenspaaie oortuig raak dat ons nie net van God afhanklik is nie maar dat ons ook tot vertrouende geloof sal kom en ons Jesus enduit sal volg sodat Hy Sy almag nog ‘n maal aan ons kan bewys.

Al wat God van Gideon gevra het was sy gewilligheid om te doen wat hy moes doen. Die magtige leër van die Midianiete en hulle meelopende konings kon nie teen die 300 soldate van Gideon stand hou nie. Om te dink dat die soldate nie gewapen was nie behalwe met die ramshorings, fakkels en erdekruike.

**God is groot en Hy is goed.**

**Afdeling 3**

## Hoofstuk 15

## Geseëndes van God uit die Nuwe Testament

Om *seën* beter te verstaan moet dit met die teendeel van seën, naamlik *vervloeking* gekontrasteer word. Sekere punte in die verband is belangrik:

1. Om iemand te vloek is nie dieselfde as om die persoon te vervloek nie. Om iemand te vloek is om iemand te verwens deur kwaad te spreek.
2. Vervloeking was altyd as gevolg van sonde. Geen vloek word op enige onskuldige geplaas nie en geen mens betaal vir iemand anders se sonde nie. ( Blogpost: is daar regtig iets soos vloeke? *Warechristen. Blogspot).*
3. Die wat vervloek is was die wat: ongehoorsaam was en nie die gebooie van die Here gehou het nie of die wat nie hulle hoop op die Here geplaas het vir hulle redding nie.
4. Alle natuurlike mense is vervloek omdat hulle almal sondig. Almal het vergifnis van sonde nodig en niemand kan vervloeking vryspring deur die wet te probeer onderhou nie. Dit is net Jesus wat sondes kan vergewe
5. ‘n Ongelowige kan nie ‘n vloek op ‘n gelowige plaas nie. Goliat se poging om ‘n vloek op Dawid te plaas het geen effek gehad nie.

6. In Jesus word ons sondes vergewe en word ons vrygemaak van die vloek van die wet.
7. In Joh. 15: 2 is daar ‘n aangrypende uiteensetting van die loot wat nie vrug dra nie. ‘n Loot kan nie vrug dra indien dit nie aan die wingerdstok geheg bly nie. So kan ons ook nie geestelike vrug dra indien ons nie in Jesus bly en Hy in ons nie. Die vloek van die sonde sal ons lot bly indien ons op ons eie pogings vertrou en so ons redding probeer verdien Die enigste verdienste is die wat Jesus verdien het deur in ons plek vir ons sondes te boet.
8. Die mens wat sy redding self probeer uitwerk deur sy goeie dade het ‘n probleem. Luister na die volgende in Gal. 3:10:

   *Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: “ Daar rus ‘n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie. En dat niemand op grond van die wet deur God vrygespreek word nie, is duidelik want hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo sal lewe.”*
9. Gal. 3:13:

   *Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek ‘n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe; “ Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout opgehang is. Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën*

*wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het.*

10. Daar is ‘n wesentlike gevaar vir die kind van God. Hierdie gevaar is die vals leraars. In 2 Petrus 2: 1 tot 21 word daar heelwat oor hierdie valse leraars gewaarsku soos:

    *Hulle sal verderflike dwaalleer insmokkel en die Here wat hulle vrygekoop het, verloën.*

    *Baie mense sal hulle losbandigheid navolg.*

    *In hulle hebsug sal hulle julle met allerhande stories uitbuit.*

    *Veral hulle sal gestraf word wat toegee aan hulle wellustige vleeslike begeertes en wat die gesag van die Here verag.*

    *Hierdie leraars is uitdagend en verwaand.*

    *Hulle verlustig hulle daarin om helder oordag swelgpartye te hou.*

    *Hulle verlei onstandvastige mense en is bedrewe geldwolwe.*

    *Hierdie mense is droë fonteine, miswolke wat deur die stormwind voortgejaag word.*

    *Vir hulle word in die diepste duisternis plek gehou.*

    *Hulle is mense wat van die besmetting van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het.*

    *Hulle en wat weer in die besmetting van die wêreld vasgevang en oorweldig word, is aan die einde slegter daaraan toe as in die begin.*

    *Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle die wil van God nie leer ken*

*het nie as dat hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is. Van hulle is die spreekwoord waar:*

*"'n Hond gaan terug na sy braaksel toe."*

*En*

*"'n Vark wat gewas is, gaan rol weer in die modder."*

Hierdie is 'n skrikwekkende beeld van die vervloektes. Kom ons kyk nou na die bykans perfekte voorbeeld van 'n geseënde mens in die Nuwe Testament:

## Hoofstuk 16

## Paulus

Van, Saulus voor sy Damaskuservaring word nie veel in die Bybel vertel nie. Dit is die mens soos hy was voordat hy by Jesus uitgekom het. Dit is egter duidelik dat hy 'n vurige, energieke verdediger van die ou bedeling van Judaisme was. Hy was ook 'n Fariseër, 'n skrifgeleerde en het Jesus se prediking afgekeur. Hy is wat ons sal noem: *a selfmade man.* Alhoewel hy sy meerderes gerespekteer het en toestemming by hulle gevra het vir die vervolging van Christene het hulle bietjie stadig na sy smaak beweeg. Hy het reeds by Stephanus se steniging sy afkeur van die Christene duidelik gedemonstreer. Hy het die klipgooiers se klere opgepas terwyl hulle Stephanus, die eerste martelaar vir Christus, vermoor het.

In sy ywer vir die vervolging van die Christene het Saulus sy net bietjie wyer gespan en besluit om die Christene in Damaskus te gaan vervolg.

Die Bybel sê in Hand. 9:1:

*Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig.*

Daar was geen sprake van 'n afhanklike lewensingesteldheid teenoor God nie. Saulus het sy eie ding in sy eie krag gedoen. Satan moes hom besonderlik bygestaan het vandaar die woorde *besetene.* Hy was besig om satan se werk te doen en die verspreiding van die Evangelie te probeer keer.

Hy het dit nie geweet nie maar dieselfde Jesus wie se evangelie hy probeer teenstaan het, het ‘n groot plan vir sy lewe gehad.

Hy het vol selfvertroue sy reis na Damaskus begin om die Christene te gaan vang.

*Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik ‘n lig uit die hemel op hom gestraal. Hy het op die grond neergeval en ‘n stem vir hom hoor sê: Saul, Saul, waarom vervolg jy My?*

*Wie is U, Here? vra hy toe.*

*Ek is Jesus, antwoord Hy. Dit is vir My wat jy vervolg. Maar staan op en gaan na die stad toe. Dit sal vir jou gesê word wat jy moet doen.*

*(Hand.9:5)*

Toe Saulus van die grond af opstaan en sy oë oopmaak, kon hy nie sien nie. Hulle het sy hand gevat en hom na Damaskus toe gelei.

Die onafhanklike Saulus was nou blind en diep afhanklik van ander mense. So het God hom geseën en diep afhanklik van Hom gemaak.

Saul(us) was Paulus se Hebreeuse naam en beteken *van die Here ontvang.* Paulus was sy Griekse naam wat gebruik word om sy bediening onder die heidene mee aan te dui. Merkwaardig om te dink dat Paulus *klein* beteken. Magtige Saulus moes eers van sy rydier afval, in die stof kom lê, blind en afhanklik gemaak word, *klein word* voor God om God se seën deelagtig te word. Alhoewel Paulus ‘n skrifgeleerde was en selfs onder Gamaliël gestudeer het, was hy kinderlik onkundig aangaande die

Evangelie van Christus. Waar sy krag in sy kopkennis gelê het moes hy nog baie leer van hartskennis, die geloofskennis, wat nodig was vir die redding van siele. God het hom nie verniet gekies nie, want Paulus het vinnig geleer en het na sy doping vol van die Heilige Gees opgetree en dadelik in die sinanoges begin preek. Hy moes egter ook deur die broeders onderrig word en in die woestyn gaan stil word by God. (Gal. 1:17)

Paulus se nuwe krag het in die toerusting van die Heilige Gees gelê. Vanweë sy natuurlike bekwaamheid moes hy voortdurend herinner word aan sy afhanklikheid van God. Sodoende was Paulus bykans voortdurend blootgestel aan situasies waar hy gedwing is om op God te vertrou en sy afhanklikheid van God te beleef. Sodoende het hy deur die baie lyding en swaarkry waarlik 'n geseënde van God geword in sy diepe afhanklikheid van God.

Paulus noem in 2 Kor. 11 en 12 van sy ontberings en wat dit vir hom beteken het. Hy tref 'n vergelyking tussen sy lewe en die van ander geestelikes van sy tyd. Hy sê waarop hulle roem kan hy ook roem: Hy is ook 'n Hebreër, 'n Israeliet, stam ook van Abraham af, is ook 'n dienaar van Christus. Hy gaan verder en sê dat hy harder gewerk het as die ander, dat hy meer in die tronk was as hulle, meer as hulle geslaan is en dikwels in doodsgevaar was. Vyf maal het hy van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, drie maal het hy skipbreuk gely, drie maal

het hy lyfstraf gekry, een maal is hy met klippe gegooi en een maal het hy ‘n dag en ‘n nag op die oop see deurgebring.

Hy was dikwels op reis en in gevaar: gevaar van riviere, gevaar van rowers, gevaar van sy volksgenote en gevare van heidene, gevare in die stad en gevare in die oop veld; gevare op see en gevare onder vals broeders. Hy moes hard werk en het swaargekry; dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors, sonder kos, sonder skuiling of bedecking teen die koue.

Altyd het Paulus die stryd gehad teen hoogmoed want te midde van die swaarkry het God wonderlike dinge deur hom gedoen. Hy kon maklik daarop begin roem het maar God het hom nederig en *klein* gehou. Verder het God hom ‘n *doring in die vlees* gegee. Hoe hy ook al met God oor hierdie belemmering gepleit het, het God dit nooit van hom af weggeneem nie. God se antwoord was telkens dieselfde:

*My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is. (2 Kor. 12:9)*

Dan antwoord Paulus:

*Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus,* ***want as ek swak is, is ek sterk.***

Hierdie woorde vat die hele boodskap van hierdie boekie saam:

*Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is want aan hulle behoort die koninkryk van God.*

## Hoofstuk 17

## Isebelgees

Paulus is 'n voorbeeld van hoe die ligkant van God se genade kan lyk. Dit is hoe 'n mens in diepe afhanklikheid van God kan funksioneer. Meer nog, om uit te leef dit waarvoor God jou gemaak het; die klem op Hom. Hy is die enigste ware God. Jy is vir Sy plesier gemaak, om Hom te aanbid, Hom te verheerlik, Hom lief te hê en die uitbreiding van Sy koninkryk te soek.

Die donkerkant van menslike afhanklikheid van God word weerspieël is die Isebelgees. Die meeste van ons is bewus van die rol wat Isebel in die Bybel gespeel het. Laat ons die geheue net so effens verfris:

1 Konings 16 en 17

Agab het koning van Israel geword en het gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here.

*Hy het 'n altaar vir Baal opgerig by die Baalstempel wat hy gebou het in Samaria. Agab het ook 'n gewyde paal opgerig en hy het meer gedoen om die Here die God van Israel te tart as al die konings van Israel voor hom.*

Sy toewyding aan die afgode het veral begin nadat hy met Isebel getroud is. Sy was die drywer agter baie van Agab se goddelose optrede. Sy het oorheers en gemanipuleer om vir haar 'n magsposisie te verwerf.

Een besondere voorbeeld van haar magsmisbruik was toe sy Nabot laat vermoor het om sy wingerd vir haar man te bekom. Elia kondig oor Agab en Isebel hulle straf aan: (1Konings: 21)

Oor Agab:

*Op dieselfde plek waar die honde die bloed van Nabot opgelek het, sal hulle jou bloed ook oplek. Ja, joune.*

Oor Isebel:

*Die honde sal Isebel opvreet by die voorste muur van Jisreël*

Beide hierdie uitsprake is letterlik vervul. So letterlik dat Isebel onherkenbaar was nadat die honde met haar klaar was; net ‘n kopbeen, haar voete en hande is nie opgevreet nie. (2 Konings 9:35)

Omdat ons vandag steeds met ‘n Isebelgees te make het is dit nodig om iets daaroor te sê. Dr. Thom Gouws het ‘n artikel hieroor in NewNews: Bybelbaak 77, geskryf. Enkele sake wat hy uitlig word kursief aangedui en dan volg die toepassing in vandag se tyd.

*Benewens die verwysings in 1 en 2 Konings word Isebel ook in Op. 2:20 vermeld. Sy stel ‘n gees van manipulasie en beheer voor. Die figure wat deur Isebelgees beskryf word is meer ‘n karaktertipe, wat ‘n man of vrou kan voorstel. Daar is altyd by die persoon met ‘n Isebelgees ‘n agenda om alles te wil manipuleer sodat hy of sy die situasie agter die skerms kan beheer.*

In die proses van manipulering met die oog daarop om mag te bekom om te beheer is die kernelement *misleiding.* Interessant dat die eerste teken waarna Jesus ten opsigte van die eindtydgebeure verwys juis *misleiding* is. (Mat.24:4) Misleiding is veral merkbaar vanaf politieke verhoë. Magshonger politici mislei massas mense om hulle eie doelstellings te bereik.

Ook in baie kerke is daar baie misleiding. Dink maar aan die misleiding ten opsigte van seksuele verhoudings tussen geslagte en die verslapping van morele standaarde.

Die besigheidswêreld is vrot van misleiding solank daar net produkte verkoop kan word. Mense gaan jare lank universiteit toe om sogenaamde bemarkingstrategieë te leer. Die mooi woord is gewoonlik ‘n studie in die misleiding van mense. Die produk wat aan jou bemark word, staan dikwels op ‘n rak en stof vergader.

Die media is die groot drywer van die Isebelgees. Mense se gesindhede, houdings en optrede word grootliks deur die media beheer. Die eienaars van die groot mediamaatskappye is dikwels baie ryk en het heelwat invloed. Baie van die eienaars van die maatskappye is anti-christe wat aktief sataniese doelstellings soos globalisering en een wêreldregering nastreef.

Mense luister oor die algemeen eerder na die moderne media en belangrikie persone se uitsprake as na die Woord van God. Sodoende is min mense bewus van wat in Gen. 12:1-3 opgeteken is.

*Die Here het vir Abraham gesê; Trek uit jou land uit,*

*weg van jou mense en jou familie af,*

*na die land toe*

*wat Ek vir jou sal aanwys.*

*Ek sal jou 'n groot nasie maak,*

*Ek sal jou seën en jou 'n man*

*van groot betekenis maak,*

*en jy moet tot 'n seën wees.*

***Ek sal seën wie jou seën,***

***En hom vervloek wat jou vervloek.***

*In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.*

Besef die mense wat so teen Israel gekant is dat hulle hulleself aan God se vloek onderwerp en dat God beloof het dat Hy die wat Abraham se nakomelinge vervloek, deur Hom vervloek word.

Dr. Gouws vervolg ten opsigte van die Isebelgees en sê:

*"Isebel sorg dat sy gevrees word."*

Baie plekke in die wêreld word mag deur die oorheersers behou deur by mense vrees op te wek. Gewoonlik is dit 'n klein minderheidsgroepie wat

beheer bekom en dit behou deur vrees by ander vir hulle op te wek. Dink maar aan Kommunisme. Of jy doen wat die regering vir jou sê of jy sit sonder werk, sonder enige regte en dikwels sonder 'n huis. Noord -Korea is tans een van die beste voorbeelde van 'n regering wat deur 'n Isebelgees beheer word.

Dr. Gouws vervolg:

*Die oorsprong van die Isebel-gees lê in haar identiteit, haar naam, wat beteken: "unhusbanded". Die onwilligheid om enige outoriteit as haar eie te erken lê aan die grondslag van hierdie gees van rebellie.*

*Isebel se grootste vyand is geestelike outoriteit. Isebel bedien haarself graag met geestelike titels. Sy heers deur sogenaamde" kennis," wat dikwels "profeties insig" is of 'n "woord van kennis" of 'n "diep openbaring"*

Hierdie sogenaamde "woorde van kennis " is welbekend aan die mense wat geestelike programme op die televisie kyk. Dikwels maak predikers hulle openbarings bekend aan die kykers van hulle programme met bogenoemde woorde.

Dr. Gouws vervolg:

*Isebel gebruik enige slinkse wyse van optrede om haar sin te kry. As sy drieig en afpers en dit werk nie, sal sy haarself bejammer en 'n slagoffer-beeld probeer slaan. Hierdeur probeer sy simpatie kry en so tog in haar doel slaag.*

Van hierdie tegniek is daar legio voorbeelde in die media se daaglikse beriggewing. Die misdadiger en moordenaar word dikwels as die slagoffer van sy omstandighede voorgestel. Selde word van die misdadiger rekenskap vereis. In Suid Afrika is daar in 2024 slegs 3% skuligbevindings vir die **100 plus** moorde per dag.

Dr. Gouws sluit sy inligtingstuk oor die Isebel-gees soos volg af:

*Die grootste probleem wat Isebel veroorsaak is dat sy geroepenes hulle geestelike visie laat verloor, sodat hulle alles wil los as gevolg van demoniese depressiewe, vreesagtigheid en isolasie, presies soos dit met Elia gebeur het.(1 Kon. 19:4)*

Vandag is daar in ons en om ons baie voorbeelde van mense wat geestelik moeg word, opskop en net wag vir Jesus se wederkoms. Soos vir Elia is daar tog ook hoop vir ons. Hy nooi ons uit om te rus en te eet van die geestelike brood, Sy Woord, wat Hy vir ons aanbied. Satan en sy trawante, soos die Isebels van ons tyd, is reeds oorwin. Jesus seën ons met 'n diepe afhanklikheid van Hom.

## Hoofstuk 18

## Jesus

Die beste voorbeeld van iemand wat geweet het hoe afhanklik Hy van God is, is ons Here Jesus Christus. Hy was, en is, immers deel van die Goddelike Drie-eenheid; Vader, Seun en Heilige Gees. So is ons Jesus, bo ons begripsvermoë, deel van ‘n onskeidbare Eenheid. Sy Goddelikheid is onbreekbaar deel van VaderGod en Heilige Gees. Hoe sou Hy dan nie afhanklik van Sy onbreekbare Eenheid wees nie? Dink maar net hoeveel keer het Hy die eensaamheid van ‘n nagervaring by Sy Vader opgesoek om oor belangrike sake leiding te kry.

Daar is baie dimensies van die Goddelike Eenheid wat vir ons menslike begrip onverstaanbaar is. Daar is egter ook dimensies wat vir ons uit Sy Woord effens oopgemaak word. Kom ons kyk na twee voorbeelde en probeer so iets van Jesus se Goddelike afhanklikheid beter verstaan:

### Geloof

Vir die meeste mense sal *vertrou* meer verstaanbaar wees as *geloof.* In Hebr. 11:1 word *geloof* soos volg omskryf:

*Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie kan sien nie.*

Indien ‘n mens seker is van iets, is dit soos om te weet dat iets so is, dat dit waar is, dat dit so gaan gebeur. Indien ‘n mens seker is of weet dat

iets so is, is dit vir die persoon waar. Indien ek weet hoe afhanklik ek van God is, is dit vir my waar en kan ek daarop vertrou om deel van die res van die belofte van God te ontvang, naamlik om te weet dat ek Sy koninkryk ontvang.

Om dit eenvoudiger te stel:

*Om te glo is om verseker te weet. Die seker weet is 'n innerlike sekerheid, al kan ek dit wat ek hoop nog nie sien en vat nie.*

Geloof is 'n genadegawe van God. Dit is nie iets wat ek kan verdien nie, dit is nie loon op my arbeid nie, dit is 'n geskenk wat God vir my gee. Hy gee dit omdat Hy vir my lief is en my jammer kry daarom is dit een groot stuk genade wat ek uit Sy hand ontvang.

'n Stukkie juweel wat vir baie mense verborge bly is dat geloof deur gehoor kom. Die natuurlike mens wil sien om te kan glo: *Wys my en ek sal dit glo.* God het dit in Sy alwetenheid beskik dat geloof deur gehoor sal geskied, want Hy het geweet dat baie mense selfs in die eindtyd waarin ons nou leef nie sal kan lees nie en dus nie so tot geloof sal kan kom nie. Ons kan egter hoor sonder om die voorreg van te lees deelagtig te word. So baie mense het deur Jesus en die Apostels tot geloof gekom deur dit wat tot hulle gespreek is. Die teendeel geld vir die skrifgeleerdes, die wat kon lees en hulle kennis so versamel het.

Die diep innerlike oortuiging dat ek God kan vertrou, is ‘n misterieuse gebeutenis wat verstand, emosie, oortuiging, gewilligheid om te aanvaar en die vertroue om te gaan doen, insluit.

Geloof is so wonderlik dat min mense die omvang van die betekenis *om te vertrou* naastenby kan verstaan. Neem nou maar die sleutelvers van hierdie boek: *Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van God. (Mat.5:3)*

Mense word gered omdat hulle in God glo en nie omdat hulle hulle redding verdien deur goed te doen nie. Om gered te word en om die koninkryk van God te ontvang beteken dieselfde. Daarom is die belewing van jou afhanklikheid van God ‘n kernelement om God te vertrou waarsonder ‘n mens nie gered kan word nie. So kan Godsvertroue en die mens se afhanklikheid van God wedersyds ondersteunend wees. Die eenvoudigste manifestasie van ‘n mens se afhanklikheid is in sy erkenning:

*Ek kan nie. Help my asseblief, Here.*

Die meeste van die mens se lyding en beproewing op hierdie aarde se oorsprong is geleë in die miskenning van hierdie wete en die strewe na onafhanklikheid.. Daarom noem Jesus dit ‘n seëning om te weet dat jy van God afhanklik is. Dikwels verg dit jare van swaarkry voor ‘n mens op daardie genadepunt kom waar jy kan oorgee en kan sê:

*God, ek kan nie. Help my, asseblief.*

Hierdie is die sleutelpunt van ‘n mens se lewe wanneer die hemel vir jou oopgesluit word; jy op die punt van totale selfverloëning kom, jy oorgee aan God, Hom vertrou en tevrede is met wat Hy met jou wil doen die res van jou lewe.

**Liefde**

*Ons het lief omdat God ons eerse liefgehad het.(Rom.5:5, 1 Joh.4:10)*

*God is liefde.( Joh.3:16)*

*Liefde is ten eerste selfverloëning*

*Goddelike liefde is die teendeel van selfliefde.*

*Uit selfliefde kom selfbewustheid en selfhandhawing en selfvergoddeling.*

*Die selfliefde  is die hoofbron van die sonde want die mens wat self God wil wees , deur watter manier ookal, is presies wat God nie van ‘n mens wil hê nie. Nee, Hy soek selfverloëning, die kruisiging van die self, nie die voorloop van die self nie maar die volg van Hom.*

**Hoe lyk die liefde?** (1 Kor.13:4)

Die liefde is:

*Geduldig,*

*Vriendelik,*

*Nie afgunstig nie,*

*Praat nie groot nie,*

*Is nie verwaand nie,*

*Handel nie onwelvoeglik nie,*

*Soek nie eie belang nie,*

*Is nie liggeraak nie,*

*Hou nie boek van die kwaad nie,*

*Verbly hom nie oor onreg nie,*

*Maar verheug hom oor die waarheid.*

*Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.*

Kom ons kyk na **die 4 tipes liefde** wat in die Bybel vir ons genoem word:

1. Agape ( Selfless love)

*Net God in Sy <u>Agape liefde</u> kan dit wees waarvan ons in 1Kor.13:4 lees. Slegs die inwonende Gees van God kan in 'n mens iets van Agape liefde te voorskyn bring. Dit is iets waarnatoe 'n mens kan streef maar op hierdie aarde nie maklik bereik nie.*

Alleen in die selfken van die mens kom hy tot die ontstellende besef dat hy totaal tekortskiet wanneer dit by hierdie Goddelike liefde as maatstaf kom. Genadiglik is dit presies wat God van Sy geseëndes verwag naamlik om te weet dat hulle totaal van Hom afhanklik is om hierdie liefdeslewe op hierdie aarde uit te leef. In die menslike onvermoë kan die mens na God toe draai, Hom vertrou en weet dat daar ook by Jesus vergifnis is wanneer ons nie slaag nie.

*Agape is divine love, which makes it perfect, pure and self-sacrificing, when the Bible says that God is love (1 John 4:8) it`s referring to agape love*

*Agape love is the selfless, unconditional type of love that helps people to forgive one another, to respect one another, and to serve one another day in and day out.*

2. Philia (Friendship love)

   *Philia means beloved, dear, a friend, someone dearly loved in a personal, intimate way a trusted confidant held dear in a close bond of personal affection. Philia expresses experience-base love.*

   Phlia is die mees algemene liefde waarna die Bybel verwys wanneer dit van liefde praat. Dit sluit liefde vir jou medemens in. Dit dui omgee, respek en jammerte vir mense in nood aan

3. Eros liefde (Passion)

   *Eros portrays the idea of passion and intensity of feeling.*

   Eros kan 'n gevaarlike tipe van liefde wees wanneer dit 'n persoon so totaal in beslag neem dat dit die liefde vir God oorskadu.

   Vandag word eros liefde gelyk gestel met romantiese of seksuele liefde.

4. Storge liefde (Affection)

   Hierdie tipe liefde word die beste verstaan as liefde vir familie. Dit is die gemaklike band wat gevorm word tussen ouers en kinders en soms tussen

broers en susters in dieselfde familie. Gewoonlik is hierdie tipe liefde baie stabiel en hou vir ‘n leeftyd.

Die een kenmerk van hierdie tipe liefde is die bereidheid om die self op te offer in belang van die ander persoon.

Dit gebeur egter ook dat hierdie tipe liefde mense ‘n vrypas gee om ongeskik, jaloers en onvergewensgesind teenoor ander lede van die gesin op te tree.

Ons het heelwat ruimte afgestaan aan die twee begrippe *geloof* en *liefde*, omdat dit vir ons so ‘n integrale deel vorm van ons verhouding met Jesus. Ons wil graag probeer ontdek wat hierdie aspekte met Jesus as toonbeeld van afhanklikheid te make het. Jesus was net van God afhanklik. Daarom sal ons in Jesus se verhouding met Sy Vader moet gaan soek na die sin van afhanklikheid by Hom.

Die verhouding tussen Jesus en God is een van **diepe vertroue**. Jesus het nie net in God geglo nie, Hy was so naby aan God dat Hy een met God was. Ons kan dan sê dat daar geen beter voorbeeld van ‘n vertrouensverhouding is as die verhouding tussen Jesus en God nie. Jesus se vertroue op God is gebou op Sy wete van Sy totale afhanklikheid van Sy Vader.

**God is liefde.** God bestaan uit God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Hulle is so intiem verbonde dat Hulle ‘n eenheid vorm.

Die sement waarmee hulle aan mekaar verkleef en geïntegreer is, is liefde. As sulks is Jesus nie net bewus van Sy afhanklikheid nie; Hy is afhanklik van God die Vader en God die Heilige Gees en so word Hy vir ons die perfekte voorbeeld van afhanklikheid; die een eienskap wat ons verhouding met God  tot ewige seën maak.

**Afdeling 4**

## Hoofstuk 19

## Gertjie se storie

*(Gertjie se lewensverhaal bevat baie van die waarhede waaroor hierdie boekie handel. Dit vertel egter nie net die storie van Gertjie nie, maar ook die verhaal van die meeste ander gelowige kinders van God. Daarom word vertrou dat jy in Gertjie se verhaal ook elemente van jou eie lewe sal ontdek. Dalk sal jy uit die foute wat Gertjie of Gertjie se ouers gemaak het, iets kan leer.)*

Gertjie se probleme het begin voordat hy gebore is. Sy ouers was lief vir mekaar maar hulle was nie getroud nie. Toe sy ma agterkom dat sy swanger is het die probleme vir Gertjie begin.
Gertjie se ma het op ‘n plaas in die Karoo groot geword. Haar ouers was konserwatiewe gelowige boeremense. Haar pa was selfs ‘n ouderling. ‘n Ongehude dogter wat swanger is het net nie in hulle lewens ingepas nie. Besonderhede oor hierdie tyd is skaars maar dit is nie moeilik om af te lei dat daar baie trane en verwyte was nie. Eers is alles weggesteek maar so iets kan nie vir ewig weggesteek word nie. Aborsie was in daardie tyd, ‘n 100 jaar gelede,‘n woord wat nog betekenis vir hierdie boeremense moes

kry. Dit was in elk geval ondenkbaar dat jy jou eerste kleinkind willens en wetens sal laat doodmaak. Aanneming van die baba sou die skande net langer uitrek en die familie sou nooit van hierdie albatros om hulle nekke ontslae kon raak nie.

Gertjie se pa was ‘n eerbare man en hy het sy deel gedoen en voorgestel dat hy en Gertjie se ma so gou as moontlik trou. Om die probleem minder ernstig te maak is besluit dat hy ‘n verplasing na ‘n ver bestemming sal aanvaar en dat die huwelik daar voltrek sal word. Al wat ‘n lastige ding gebly het is die huweliksdatum en die geboortedatum van Gertjie. Hulle kon niks aan Gertjie se geboortedatum doen nie maar kon vir die res van die wêreld hulle troudatum verswyg. Alles het volgens plan verloop maar die probleem om die huweliksdatum sou nie weggaan nie.

Dit was dus normaal dat Gertjie se moeder heelwat negatiewe emosies ervaar het tydens haar swangerskap. In hierdie verband is heelwat navorsing gedoen en die volgende gevolge kon te wagte wees:

> *An unborn child can sense and react to emotions such as love and rejection but also more complex emotions such as ambivalence and ambiguity. The mother`s thoughts about the child and /or pregnancy – love, rejection or disinterest – directly affect the child`s subsequent sense of selve, security, and self esteem (Evergreen Psychortherapy Center. 2015)*

Gertjie was dus gepredisponeer vir probleme later in sy lewe. Ons sal later in die verhaal sien hoe korrek die wetenskaplike bevindings waarna verwys is, was.

God was van die begin af in beheer van Gertjie se lewe en gevolglik is dit moontlik dat God hierdie gebeure toegelaat het omdat Hy 'n plan met Gertjie se lewe gehad het.

Gertjie se eintlike naam was Gert.

*Gert* beteken *steek met 'n spies.*
Dit is 'n Nederlandse naam en
Kom van *Gerhard* af

Gertjie het ook ander name gekry. Later in die verhaal sal ons sien hoe Gertjie se name betekenis in sy lewe gekry het.

Waarom het God Almagtig gekies om Gertjie so moeisaam in die moederskoot te vorm. Voor hy kon begin lewe het, na konsepsie, kon God in Sy almag hom 'n volledige mens gemaak het en op 'n ander manier vir hom geboorte bewerk het; hy kon as volledige mens tog buite die moederskoot gegroei het? Waarom moes hy 9 maande lank innig verbonde binne die moederskoot groei? Kan dit wees dat God dit so beskik het dat Gertjie op hierdie manier met die eerste en seker die belangrikste lewensles moes kennismaak, naamlik sy afhanklikheid? Hy was van sy moeder afhanklik; haar gevoelens, haar bloed, haar

eetgewoontes, haar asem en haar geloof. So het Gertjie kennis gemaak met iets wat Goddelik is en iets wat goed is. Hy kon nie kies nie; hy is gemaak om afhanklik te wees. Na geboorte het Gertjie minder afhanklik begin word. Hy kon darem nou self asemhaal, suig en kos verteer. Reeds vroeg het God Sy groot werk in Gertjie begin om hom van afhanklikheid te leer. Net toe hy ontdek het dat hy self kan asemhaal het hy longontsteking gekry en was hy afhanklik van medikasie, versorging en baie gebede om aan die lewe te kon bly. Gertjie se ouers het baie vir hom gebid en so van hulle afhanklikheid na hulle babatjie wat nie self kon bid nie, oorgedra.

Gertjie was nie bewus van al hierdie dinge wat om hom gebeur het nie en sou later in sy lewe tot bewuswording van sy diepe afhanklikheid moes kom. Hieruit sou sy afhanklikheid van God ontwikkel. Sy ouers se omgee en versorging sou hom wys hoe God omgee en versorg wanneer jy jou afhanklikheid van Hom besef en dit uitleef.

Spoedig was dit tyd dat Gertjie meer van sy afhanklikheid moes leer. In die skool het dit moeilik gegaan. Daar was altyd die druk van ouerlike verwagtings waaraan hy gevoel het hy nie kon voldoen nie. God het hom ‘n vriend gegee, ‘n briljante vriend wat gereeld die beste in die graad presteer het. Daar was so baie wat ou Gertjie moes leer soos dat jy met jouself mag kompeteer maar nie met ander nie. Hy het gesukkel om die les te leer en het gevoelens van minderwaardigheid ontwikkel. In Graad 6 het die selfdruk so groot geword dat

hy vrees vir skool ontwikkel het. Dit was sy grootste vrees dat die onderwyser hom iets sal vra wat hy nie geweet het nie. Eintlik was die vrees oor wat die ander kinders dan van hom sou dink. Sy selfgesprek het gespreek van *Ek is dom, die ander is slim, hulle sal vir my lag, my ouers is teleurgesteld in my. Ek wens ek kan die skool verlaat.* (Het iets hiervan voorgeboortelik ontwikkel?)

Om te kon voortgaan met die lewe moes hy iets anders buite homself vind wat waarde aan sy bestaan kon toevoeg. In sy kinderlike eenvoud het hy die verhaal van ‘n vriend se oom aangegryp. Die oom het ‘n fabriek gehad en hy het baie geld gemaak. Mense het nie gevra hoe goed het die oom in die skool gedoen nie. Hulle het respek vir die oom gehad omdat hy geld gehad het. Die denkpatroon het vir baie jare Gertjie se oorlewingstrategie geword; hy moes net genoeg geld bymekaarmaak. Hiervoor sou hy selfs steel en bedrieg. Besittings het vir Gertjie die belangrikste ding in sy lewe geword. Eers was dit ‘n Raleigh-fiets; een met dikwiele en handremme. Hiervoor het hy geswoeg en gespaar tot die droom verwesentlik is. God was besig om vir Gertjie ‘n les in afhanklikheid te leer. Een môre toe Gertjie opstaan was sy nuwe fiets sowel as hulle tuinwerker weg. Gertjie het nie geleer nie en het maar aanhou bymekaarmaak om hom onafhanklik van sy eie onvermoëns te maak. Telkens het God dit wat vir Gertjie so belangrik was om sekuriteit te skep van hom af weggeneem. Solank hy nie wou leer nie het God met Sy bemoeienis volhard. Die gevolg was dat Gertjie alles wat hy as besittings hoog aangeslaan het verloor het. Sy

motorfiets is gesteel, sy eerste nuwe motor is gesteel, sy Omega-oorlosie is gesteel, male sonder tal is by sy huis ingebreek en het hy amper alles verloor, mense het geld by hom geleen en dit nooit terugbetaal nie- maar Gertjie was ‘n stadige leerder. Toe hy 32 was het sy groot toets gekom. God sou hom help; ‘n nuwe werkmoontlikheid het hom voorgedoen maar daarvoor sou hy alles moes prysgee, sy huis, die dorp waar hy gewoon het, sy vrou se goeie werk. Nadat Gertjie en sy vrou die waagstuk aangepak het, het bykans al hulle sekuriteite verdwyn; inkomste, blyplek, posisie en sekerheid van ‘n inkomste. Skielik was sy vrou sonder werk, het hulle in ‘n karavaan gebly en was die werkseise bykans onhanteerbaar groot. God het die twee geleer dat dit nou die tyd was om Hom voluit te vertrou. In sy totale afhanklikheid van God het die waarheid tot hom deurgedring. **Net God kon hom help**. As teken van hulle oorgawe aan God se sorg het die twee te midde van moeilike en onseker omstandighede hulle tiende vir God begin gee. God is getrou en het die teenspoed gestop en hulle volgens Sy belofte ryklik geseën. Vir 21 jaar, van sy 11 de lewensjaar moes Gertjie op ‘n harde manier leer dat hy totaal van God afhanklik is. Nooit is hierdie genade-ingryping deur God onderbreek nie en het Hy gereeld Gertjie herinner aan sy afhanklikheid van God. Soos die jare verbygegaan het, het God vir Gertjie alles  geword totdat hy die geseënde van God geword het wie geweet het hoe afhanklik hy van God is.

Sekere momente van Gertjie se lewe verg nadere ondersoek. Kom ons kyk na enkeles hiervan:

**Naamgewing**

Soos reeds vermeld was Gertjie se naam Gert. Sy pa het hom gaan registreer. Sy ma was egter nie tevrede met die naam nie en het daarop aangedring dar ‘n ander naam vooraan gevoeg moet word. Gertjie se pa het dit toe gedoen en het Gertjie se ma se wens uitgevoer met ‘n naam wat baie met Rots te make gehad het. Dalk het sy ma diep in haar hart geweet dat dit die naam sal wees wat haar kind deur die lewe sal dra lank nadat sy nie meer op die aarde was om hom by te staan nie. Dalk het sy die woorde van Jesus onthou toe Hy gesê het:

*Op hierdie rots sal ek my kerk bou. (Mat. 16:18)*

Kommentare stem saam dat die rots waarna Jesus verwys te make het met Sy evangelie; die evangelie wat sê dat ons net agter Jesus kan aankom indien ons onsself verloën, ons eie spiese bêre en bereid moet wees om Hom te volg. Dit kan tog nie gebeur sonder ‘n wete van diepe afhanklikheid van God nie. ‘n Gelowige ma is ‘n wonderlike ding om te hê, vra maar vir Gertjie.

**Die groot ontdekking**

Toe Gertjie 11 jaar oud was in graad ses het die skool- en lewenseise vir hom net te veel geword. Een oggend, vyf voor ses, het hy die radio aangeskakel. Die boodskap in die oordenking ( Ja, daar was ‘n tyd 75 jaar gelede dat RSG elke

oggend ‘n Christelike oordenking uitgesaai het.) was vir hom van God sy Hemelse Vader af. Hy het geleer dat God in beheer van sy lewe is, dat God mense help wat afhanklik van Hom is en Hom vra om hulle te help. Gertjie se lewe het nie veel verander nie. Die eise en die onvermoë om aan die eise te voldoen het nog steeds voorgekom maar nou het hy Iemand gehad om na toe te gaan om hulp te vra. God is so goed en getrou en het nooit sy kind hierna teleurgestel nie. Min het Gertjie toe geweet hoe nodig hy God in die toekoms sou kry.

**Gertjie se studie- en beroepswêreld**

Gertjie het ‘n oplossing vir sy probleme gekry maar hy sou die oplossing nog moes inoefen. Hierdie inoefening het met stryd gepaard gegaan. Vrees was nog steeds die belangrikse werktuig in satan se aanslag op Gertjie. Gertjie het geleer en het geweet dat :

*God ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegee het nie maar van krag en liefde en selfbeheersing. (2 Tim.1:7)*

Om sy vrees te bowe te kom het God vir hom die sleutelvers van sy lewe gegee naamlik (2 Kor. 12:9 en 10) Met hierdie vers kon hy met Paulus een voel toe Paulus Jesus gevra het om tog die doring in sy vlees weg te neem:

***Maar Hy (God) het vir my gesê:***

***"My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring"***

***Daarom sal ek my baie liewer op my swakhede beroem sodat Christus se krag my kan beskut.***

***Ter wille van Christus verheug ek my in swakhede, beledigings, ontberings vervolging en benoudhede; want wanneer ek swak is juis dan is ek sterk.***

Teen die einde van Gertjie se lewe kon hy met dankbaarheid getuig dat God betroubaar is en doen wat Hy sê. Met elkeen van hierdie woorde van Paulus kon hy identifiseer en het hy geweet dat dit net God was wat hom 'n leeftyd lank deur elke krisis, elke toets, elke eksamen, elke probleem en elke onderhoud gedra het. Veral was dit die ***benoudhede*** waarvan God hom verlos het waaroor hy ewig teenoor God dankbaar sal wees.

So het ou Gertjie se lewe uitgeloop. Hy het naby die oorgang van hier na God se koningryk gekom:

***Die koninkryk wat God belowe het as seën vir die wat weet hoe afhanklik hulle van God is.***

Al wat God van jou vra is om gelowig te sê:

***Here, help my asseblief.***

Dan sal jy spontaan die res van jou bestaan kan sê:

***Dankie, Here.***

Die Elf Uil  -  die kleinste van die uiltjies:



**Spreuke 3:34**

**Die wat nederig is**

**en uit Sy hand eet**

**het Hy innig lief**